



'n Skuiling by 'n kruispad:

Grendeltyd het 'n
aantal swerwers
laat wortel skiet.
Hoe nou gemaak?
– Bl 6



KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

14 Augustus 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 205 – Nummer 3

'Maak my aan die slaap, Here'

Een van Blancogemeente op George se geloofshelde, Beckie Meyer, is op 27 Julie na 'n kort siekbed oorlede. Hierdie 95-jarige oumagrootjie was somer die hele gemeente se ouma. FRANCOIS MULDER, een van die leraars van die gemeente skryf oor haar impak en nalatenskap.

Een van haar dogters se WhatsApp-boodskap breek die nuus: "Beckie is veilig in haar hemelse tuiste." In my gedagtes sien ek die hereniging met haar drie seuns wat byna 50 jaar gelede op 23 Januarie 1972 saam by die brug tussen Blanco en Heatherpark op George verongeluk het. Jannie, Alwyn en Hilgard was onderskeidelik 20, 17 en 12 jaar oud. Haar man, oom Hellix, is reeds in 1992 oorlede. Maar, ondanks hierdie tragiese geskiedenis ken ek nie 'n meer blymoedige lidmaat sedert ons gesin se aankoms einde 2006 in die gemeente nie. Saam met haar twee dogters, Hanna en Lomine (10 en 15 jaar oud in 1972) en hulle gesinne, het sy opgestaan uit die hartseer en 'n voorbeeld van die lewe-in-oorvloed gestel vir 'n hele gemeenskap. Haar passie en geloof is aansteeklik. Haar liefde vir Jesus straal uit haar glimlag. Haar dienswerk is onvoorwaardelik. Sy is 'n ware "lady" met haar eie weeklikse Bybelstudiegroep en aktiewe lidmaatskap van die gemeente se Dienssentrum en Proteaklub asook natuurlik die VLV. Haar blommerangskikkings is legendaries.

Die afgelope paar jaar het ek en tannie Beckie 'n Sondagoggend-ritueel. Behalwe vir die sanggroep wat van 08:00 af oefen, is sy altyd die heel eerste ge-

meentelid om haar sitplek in te neem en die rustige atmosfeer in te drink. Dan glip ek weg van die oefening en gaan groet haar, meestal met 'n drukkie. Die volgende gesprek het lank terug afgespeel:

"Goeie môre, Tannie Beckie."

"Goeie môre, en hoe gaan dit met die kind?"

"Watter een, Tannie, ek het mos drie kinders: Roshai, Theo én Marize?"

En met 'n ondeunde glimlag wys sy na my en sê: "Jy!"

Ons uit-ons-mae-gelag het die gebou gevul terwyl ek vir 'n oomblik wiskunde-somme begin doen het:

Tannie Beckie se 95 jaar minus my 51 jaar = 44 jaar. Jip, natuurlik moet sy na

my verwys as "kind" en ek na haar as "Ouma" of "Oumagrootjie".

Sedertdien gebeur dié gesprek tussen "die kind" en "die oumagrootjie" elke Sondagoggend. Op 15 Februarie is die kerksaal gepak vir haar 95ste verjaardag. Familie, vriende en gemeentelede wag nie vir eendag om blomme op haar graf te sit nie – hulle deel woord-bloem uit in huldeblyk op huldeblyk. In haar respons loop sy oor van dankbaarheid teenoor die Here en almal teenwoordig. Twee weke later tydens die kwartaallikse "Oppitafel gesprek" van die gemeente, deel sy haar lewenswysheid. Sy getuig van die Here se genade deur haar hele lewe en motiveer die jonger generasie met haar drie be-

langrikste lewenslesse: 1. Geloof. 2. Respek. 3. Deursettingsvermoë.

En toe is dit Covid-19 en sedert Sondag 22 Maart is ons gemeente tydelik (DV) 'n YouTube-uitsaaiende kerk.

En ek verlang na my kosbare oggendgroet met Ouma Beckie. Haar glimlag, haar genuïne geïnteresseerde vrae, haar omgee, haar bemoediging.

Met ons destydse ontmoeting tydens my bevestiging in Desember 2006, was sy 81 jaar oud. Deur die jare wat gevolg het, hou ek noukeurig boek van elke senior huisbesoek. Krisistye soos hierdie wêreldwye pandemie vra egter kreatiewe aanpassings en vasbyt. Nuwe maniere van kerkwees en "konnekteer"

Vervolg op bl 4



HULDEBLYK: Tydens haar hospitalisasie in Mosselbaai mag geen familie vir wyle Beckie Meyer (95) besoek het nie weens die lockdown. Van haar kinders en kleinkinders het 'n slim plan bedink en hierdie foto laat neem buite die hospitaal, dit laat raam en toe langs haar bed laat plaas.

Foto: Verskaf

Selfdegeslagverbintenis

Bevestigings mag nou voortgaan

Leraars mag nou amptelik selfdegeslagverbintenis in die NG Kerk voltrek.

“Die minister van Binnelandse Sake het ingevolge Artikel 5(2) van die Civil Union Act, 2006 (Wet nr 17 van 2006) besluit om predikante van die NG Kerk, wat sou aansoek doen en aan die bepaalde vereistes voldoen, magtiging te gee om selfdegeslagverbintenis te voltrek binne die Republiek van Suid-Afrika,” het dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, op 30 Julie in ’n verklaring gesê.

Dit is van toepassing op gelegiti-meerde predikante wat die opsie sou wou uitoefen en die predikant tree in daardie funksie as geakkrediteerde van die staat op, het ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die Algemene Sinode, by navraag verduidelik.

Die besluite wat rondom selfdegeslagverbintenis by die 2019 Algemene Sinode gemaak is, maak ruimte hiervoor en dit is individuele domeines se reg om dit te doen, volgens Janse van Rensburg.

“Ek kan nie wag om uiteindelik die voorreg te hê om paartjies in selfdegeslagverbintenis te trou nie,” het Johan Conradie, predikant by NG gemeente Sonstraal, aan *Kerkbode* gesê. “Hulle wat só lojaal al die jare in die NG Kerk gebly het omdat hulle gewag het ... Nou kan ons uiteindelik saam feesvier,” meen Conradie.

Ander was beswaard oor hierdie verwikkeling, wat volg ná jare se debat in die NG Kerk oor homoseksualiteit. “Ons het nou twee NG Kerke, of dit erken word of nie, dit is ’n feit,” het *Kerkbode*-leser Cois Pre-

torius onderaan ’n berig hieroor op *kerkbode.co.za* geskryf. “Ek sal nie tuis voel in ’n gemeente waar die leraar bereid is om selfdegeslaghuwelike te bevestig nie.”

’n Prominente drukgroep wat verlede jaar vanuit die Moreletapark-gemeente ontwikkel het, het die proses en uitkoms skerp gekritiseer. “Daar is nie by die Algemene Sinode van 2019 besluit dat aansoeke vir aanstelling as bevestigings van burgerlike verbintenis, *deur die Kantoor van die Algemene Sinode* gedoen mag word nie,” luidens ’n 13-punt-verklaring wat deur Pieter Breytenbach, die makro-gemeente se bedryfshoof, op 6 Augustus uitgereik is. “Aansoeke by die Departement van Binnelandse Sake vir gelegitimeerdes van die NG Kerk om as huweliksbevestigings aangestel te word ingevolge die *Huweliks-wet* (Wet 25 van 1961), geskied deur die sinodale kantore (vgl Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante, 10.9.1) en daarom behoort enige aanverwante aangeleenthede op die terrein van die streeksinodes.” Nog ’n kritiek vanuit die geleedere van Moreletapark se Spesiale Beraad-leierskap handel oor die kerk se beeld. “Die wyse waarop die openbare media die goedkeuring van die NG Kerk se aansoek gekommunikeer het, deur nie die onderskeid tussen huwelike en burgerlike verbintenis, soos deur die twee afsonderlike wette én die besluite van die Algemene Sinode 2019 gemaak is, te handhaaf nie, het reeds tot groot skade binne en buite die NG Kerk gelei.”

• Besoek www.kerkbode.co.za vir die volledige verklaring en nog leserskommentaar en briewe.

Gerber onthou vir sy leiding, rol by ekumene

JACOBIE M HELENA

“Hy het die NG Kerk weer vastrapplek in die ekumene gegee.”

Só onthou dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die Algemene Sinode, sy voorganger dr Kobus Gerber (foto) wat Donderdagoggend 6 Augustus na ’n kort siekbed oorlede is.

Gerber (69), die eerste algemene sekretaris van die Algemene Sinode van die NG Kerk en voormalige moderator van die Noordelike Sinode, word onder andere onthou vir sy leierskap wat daartoe gelei het dat die NG Kerk in 2016 as lid van die Wêreldraad van Kerke kon terugkeer. Hy het ook tot onlangs as lid van die uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke gedien.

Ds Paul Grobler, direkteur van die Noordelike Sinode, vertel dat Gerber ’n operasie vir ’n hartstent ontvang het, maar weens komplikasies van ’n bloedingklont is hy teruggeneem na die teater. Hy het ’n massiewe hartaanval gehad en is oorlede.

’n Geskokte dr André Bartlett, mo-



derator van die Hoëveld Sinode, onthou Gerber as ’n jarelange gewaardeerde vriend en geesgenoot. Bartlett brei uit: “Ek kon met groot vrymoedigheid na hom vir raad en leiding gaan. Hy het ’n reusebydrae gelewer om die NG Kerk nuut te laat dink oor verskeie belangrike sake en het die kerk ook uitmuntend in die ekumeniese wêreld verteenwoordig,” sê Bartlett.

Gerber word deur sy vrou Marti en dogter Cari oorleef.

Plaasaanvalle

‘Skep ondersoek-eenheid’ – gemeente

BENNIE MARAIS

Die NG gemeente Charl Cilliers (tussen Standerton en Secunda) van die Here wil hiermee hulle uiterste teleurstelling uitspreek teenoor die reaksie of eerder die gebrek aan reaksie van die regering en in die besonder vanaf president Cyril Ramaphosa aangaande plaasmoorde in Suid-Afrika.

Enige regering behoort die plaasmoorde ten sterkste te veroordeel en ook daadwerklik op te tree teen mense wat sulke grusame moorde pleeg. Die moorde en aanvalle op boere en hulle personeel moet stopgesit word. Ongelukkig kan die voortdurende stilswye en gebrek aan reaksie van president Ramaphosa slegs vertolk word as ’n stilswyende goedkeuring van hierdie moorde.

Die halfhartige poging van die president waarin slegs kortweg na plaasmoorde verwys is en daarna opgevolg is met “dat elke lewe in die land gelyke waarde het en dat elke moord en geweldsmisdaad sonder onderskeid veroordeel moet word”, dui net op die gebrek aan begrip vir die probleem waarmee die boeregemeenskap (wit en swart) elke dag te kampe het.

Uit Bybelse waardes veroordeel die gemeente ook alle moorde wat elke dag in Suid-Afrika plaasvind en glo dat die regering ook daarteen moet optree met

doeltreffende polisiëring, doeltreffende vervolging en gepaste vonnis vir persone wat hulle daaraan skuldig maak. Die huidige strawwe wat in geregshowe opgelê word dien ongelukkig glad nie as afskrikmiddel om moord te pleeg nie.

Hierdie gemeente bestaan hoofsaaklik uit ’n boeregemeenskap wat elke dag in vrees lewe omrede die regering nie in staat is of nie bereid is om om te sien na die boere en hulle gesinne se veiligheid op plase nie. Ons betrokke gemeente het al deur hierdie dal van doodskaduwee gegaan. Dit het groot hartseer en ’n groot leemte veroorsaak in die gemeente en gemeenskap van hierdie omgewing.

Die boere van die dag is tog die mense wat vir ons die kos op die tafel voorsien en ook werk verskaf aan baie mense.

Plaasaanvalle is besig om drasties toe te neem en die geweld wat daarmee gepaard gaan het ongekende vlakke bereik. Daarom pleit ons as gemeente by u as die president van ons land, om plaasmoorde as ’n prioriteitsmisdaad te verklaar, ’n spesiale ondersoek-eenheid vir die ondersoek en vervolging van plaasmoorde in te stel en oor die algemeen sterk reaksie te toon in die veroordeling van plaasmoorde.

► Dr Bennie Marais is leraar by NG Kerk Charl Cilliers.

LICORNA BEACH

UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS

Luukse seefront-vakansiewoonstelle.

Slegs 20 km noord van Durban.

- ♦ Volledig toegerus
- ♦ Satelliet-TV
- ♦ Wassery
- ♦ Lugreëling
- ♦ Diens
- ♦ Swembad

SENIOR BURGERS: “Geen trappe van woonstel na strand”

Besprekings: Tel: 031 561 2344, faks: 031 561 2974

Lagoonrylaan 82, Posbus 554, Umhlanga 4320

E-pos: licorna@intekom.co.za

Webwerf: <http://www.licorna.co.za>



Dr Nico Simpson (links bo) is aangewys as die hoof- uitvoerende beampte van Bybel-Media.

Skermgreep via Zoom

Zoom-applous vir nuwe BM-hoof

Dis was 'n virtuele aankondiging maar daadwerklike verwelkoming toe Bybel-Media die aanstelling van dr Nico Simpson as hoof-uitvoerende beampte bekendgemaak het.

Ds Danie Mouton, voorsitter van BM se direksie, het die werwingsproses as omvattend en professioneel beskryf. "Ons kan Nico vertrou met ons toekoms," het Mouton aan personeellede gesê wat omstreeks 9 vm op 5 Augustus via Zoom ingeskakel het.

Simpson was die suksesvolle kandidaat uit 38 aansoeke vir die pos wat in April vanjaar deur ds Leon Venter vakant gelaat is. Hannelie Matthee, die finansiële bestuurder, het as waarnemende hoof-uitvoerende beampte ingestaan in 'n oorgangstyd wat bemoeilik is deur twee goed: Grendeltyd se streng perke en sake-onsekerheid asook die toenemend onstuimige media-water waarin BM en haar publikasies vaar. Mouton het verwys na maatskappye soos Caxton wat reeds in Mei vanjaar geheel uit die

tydskrifbesigheid moes onttrek weens die drastiese afname in advertensie-inkomste wat talle slagoffers onder geliefde handelsmerke in Suid-Afrika geëis het. "Ons het so wyd as moontlik gesoek na die geskikte kandidaat onder 'media professionals' in Suid-Afrika en selfs internasionaal," aldus Mouton.

Die meerderheid van BM-personeel werk sedert die begin van grendeltyd vanaf hulle huis om die maatskappy se produkte op rakke en lesers se selfoon-skerm te hou asook fondswerwingsprojekte te bestuur en die vele ander dienste wat die maatskappy bedryf. "As hierdie aankondiging in die ouditorium plaasgevind het, sou ons hande geklap het, so kan almal hulleself 'unmute' dat ons kan hande klap asseblief," het Mawonga Phaphile Celesi, die prinsipaal by Nehemia-Bybelinstituut (NBI), 'n deel van BM, geskerts.

Simpson, tans hoof van publikasies by BM, was in afgelope maande aan die stuur van 'n digitale transformasieproses wat onder Venter se leiding begin het. Alle aanduiding is nou dat die toekoms van die maatskappy 'n sterk "digitaal-eerste"-inslag sal probeer ontwikkel, soos dit in die mediabedryf bekendstaan. "As (digitale transformasiespan) het ons die toekoms van BM gesien. Ons het dit met die direksie gedeel en hulle het dit met waardering ontvang," het Simpson in 'n kort boodskap in reaksie op die bekendmaking van sy aanstelling gesê. Hy het hulde gebring aan die rol wat die maatskappy deur die jare in mense – by name sy eie ma – se geloofsluwe gespeel het en die direksie bedank vir die vertroue wat hulle in hom plaas. – **Le Roux Schoeman.**

• *Kerkbode* is 'n publikasie van Bybel-Media.



Dr Nico Simpson



Kan jy nou meer?

Spanjoel karnuffel sentimentele Bybel

Toit Wessels vertel oor die nag toe sy stamboom en Jesaja 45 – 48 dit moes ontgeld.

Wanneer jy op 'n redelike jong ouerdom weet jy wil 'n predikant word, kry jy gereeld 'n Bybel as geskenk. Soms is dit moeilik om oor die Kersboom te glimlag terwyl jy dink "hierdie vertaling gaan ek nie lees nie". Oor die jare kry jy egter Bybels wat vir jou 'n spesiale betekenis inhou. Soos die een Familiebybel van Ouma Antoinette met 'n handgeskrewe stamboom op die binneblad, of die Bybel van Ouma Petro wat ek in my Graad 1-jaar ontvang het.

Hierdie twee kosbare besittings het egter in 2005 paaie gekruis met ons Golden Cocker Spaniel hond, Lady. Lady het soos enige klein hond

gehou van kou, eers die skoen wat rondlê, toe die tafelpoot, toe die mat, en later in die nag toe ons slaap, my twee geliefde Bybels. Heel eerste het Lady die handgeskrewe stamboom van die Familiebybel opgevreet. Daarna het sy my Graad 1-Bybel se voorblad, asook Jesaja 45 – 48 geëet. Terugskouend sou ek dit meer geniet het as Lady liewers die *Liedboek* of die *Huisgenoot* geëet het. Ek wonder ook of Lady dalk iets verstaan van Esegël wat die boekrol moes eet? Ek gebruik vandag nog my Graad 1-Bybel, tandmerke en al, ek vat die Bybel egter nie alyd na openbare optredes toe nie en ek probeer liefies nie uit Jesaja 45 – 48 preek nie.

► Ds Toit Wessels is 'n leraar van die Agter-Paarl geloofsgemeenskap. Toit het op die oomblik om persoonlike redes nie 'n hond nie.

75 jaar later: Hiroshima en Nagasaki

Toe die bom met die kode-naam Little Boy, wat drie meter lank was en vier ton geweg het, daardie tragiese oggend skuins bokant die Atomic Bomb Dome ontplof het, was die temperatuur op grondvlak 'n ondenkbare 6 000 grade Celsius, skryf ERNS GRUNDLING in hierdie uittreksel uit sy boek *Sushi en Shosholoza – Rugbyreise en pelgrimstogte in Japan*, wat verlede jaar by Queillerie verskyn het.

Vanoggend op die trein het ek gelees van die sogenaamde “double survivors”. Tot tweehonderd oorlewendes van Hiroshima se atoombom het kort daarna gevlug na Nagasaki, waar 'n tweede kernbom, 'n plutoniumbom met die kodenaam Fat Man, drie dae later ontplof het ...

Daar was verskeie oorlewendes ná die twee kernbomme.

Hoe herstel enige mens egter van so 'n dubbele trauma? Byna twee-en-negentig persent van Hiroshima se ses-en-sewentig-duisend geboue is vernietig of erg beskadig. Die park is gebou in die stad se voormalige kommersiële hartklop.

Soos al die ander Japannese stede wat in puin gelê is ná die Tweede Wêreldoorlog, is Hiroshima daarna met fanatieke ywer herbou. Agter die Atomic Bomb Dome se skelet troon die moderne middestad se hoë geboue. Net soos die gang van die seisoene, met die

herfs vanoggend sigbaar in elke blaar in hierdie boomryke park, het die lewe voortgegaan in Hiroshima.

Die woord “peace” is sterk aanwesig by al die monumente. Hier is 'n Peace Pond met 'n Flame of Peace langsaan, wat eers uitgedoof sal word wanneer alle kernwapens wêreldwyd vernietig is.

Die Bell of Peace is 'n groot klok wat hang onder 'n koepel, omring deur 'n dammetjie vol lotusblomme. Langs die klok is 'n gedig op 'n bordjie deur ene Hiroshima Higan-No-Kai.


Die eerste paar versreëls lui: “We dedicate this bell / As a symbol of Hiroshima Aspiration / Let all nuclear arms and wars be gone, and the nations live in true peace!”

Kenmerkend Japannees is hier ook 'n minder poëtiese vermaning deur die City of Hiroshima dat jy die klok nie onbehoorlik hard moet lui nie: “Do not strike the Bell with great force. After the sound reverberations fade away, you may gently strike the Bell again.”

Ons besoek ook die Peace Memorial Museum, wat in 1955 geopen is. Hier is 'n aangrypende visuele uitstalling wat die bomontploffing en gepaardgaande skade uitbeeld, inligtingsborde wat die geskiedkundige konteks in detail beskryf, en 'n groot versameling artefakte, wat slagoffers se besittings insluit. Die boodskap is eenvoudig en treffend: “No more Hiroshimas.”

Teen een van die mure is reusagtige foto's wat Hiroshima vóór en kort ná die atoombom toon. Die omvang van die vernietiging en tienduizende onskul-

dige mense se pyn en lyding is te veel om op een slag in te neem.



Ons skiet helaas nie binne die museum nie. Dit is onderbelig en hier is honderde mense, veral skoolkinders, wat tussen die uitstallings saamdrom.

Die foto's van “nuclear shadows” is baie ontstellend. Die ontploffing se ultraviolet-bestraling het letterlik die kleure van sekere oppervlakke, soos trappe, verander. As iemand dus op die trap gesit het en tydens die ontploffing in die pad van die bestraling was, het 'n “afdruk” van die persoon se skaduwee op die plek gevorm. Van hierdie spookagtige skaduwees is vandag nog sigbaar in die stad.

Ek lees verskeie getuïenisse deur slagoffers wat die atoombom oorleef het. Kazuko Miyamoto, wat daardie oggend sestien jaar oud was en sy ma en broer verloor het, skryf: “Wretched bodies lying scattered all over a broad streetcar street. A baby's body half burned and swollen. A horse staring off in space with its eyes popping out. A great number of people, who would have been walking briskly along the street until a little while ago, were lying dead differently from each other. I saw hell. I was feeling numb.”

Hier is ook 'n foto van 'n nuwe plant wat 'n paar maande later uit die puin ontspring het, nadat daar aanvanklik verwag is daar gaan vir tot vyf-en-sewentig jaar niks groei nie. Ek dink terug aan die bonsai van Hiroshima-sade in Stellenbosch se Botaniese Tuin, wat Willem Pretorius 'n paar weke gelede aan my gewys het. Nie eens 'n kernwapen kon die natuur finaal troef nie.

Twee artefakte gaan my nog lank bybly: Die een is 'n verskroeiende driewiel-fietsie wat behoort het aan die driejarige Shinichi Tetsutani wat daardie oggend gesterf het; die ander is 'n nederige polshorlosie, met die wysertjies gestel om kwart oor agt, toe die tyd daardie oggend in Hiroshima tot stilstand gekom het ...

► Erns Grundling se boek *Sushi en Shosholoza – Rugbyreise en pelgrimstogte in Japan* is deur Queillerie gepubliseer en is beskikbaar by graffitiboek.co.za.

• Meer werk deur die skrywer kan gelees word by amazon.com.

Vervolg van bl 1

met mekaar is nodig. Daarom bel ek haar op 29 Junie hierdie jaar vir 'n 30 minute “selfoonhuisbesoek”-gesels. Haar opregte belangstelling gaan oor in pertinente vrae oor elke lid van my gesin met agtergrondkennis oor elkeen se wel en wee:

“Het Marize se matriekafskeid-tabberd klaargekom? Sy kan altyd 'n mooi foto daarin laat neem. Hoe voel sy oor haar 'loslating' terug skool toe na die ontwrigting?” 'n Week voor haar dood vra sy haar kleindogter, Yentl, wanneer die eindeksamen hierdie jaar begin sodat sy soos reeds vir dekades die gemeente se Graad 12's kan verras met 'n persoonlike bemoedigingskaartjie en geskenkpakkie. My twee seuns is nostalgies oor tannie Beckie se geskenkies en briewe destyds in hulle matriekjaar. Nou, in hierdie deurmekaar 2020, mis my dogter ook hiërdie voorreg.

Oor my vrou, Karina, se skilderye verklaar sy: “A thing of beauty is a joy forever!”

Sy vra uit oor my oudste seun Roshai en die getroude lewe wat vir hom en sy vrou Anneke in Desember

2019 begin het. Sy vertel my weer oor haar waardeering vir my jongste seun Theo se musiek talent en vra uit oor sy band, Kloudink.

Vroeër die jaar op my verjaardag vra sy per WhatsApp: “Hoe voel dit om in lockdown te verjaar?” Dan, soos elke jaar deel sy 'n aanhaling: “May your birthday be filled with the love of God and your year spent in giving it away.” As gevolg van vlak 3 lockdown is daar geen sprake van die tradisionele versings en tee na haar dankdiens op 4 Augustus nie. Haar twee dogters bak egter koekies en verpak dit nes sy dit sou doen met 'n foto van haar waarop een van haar vele aanhalings op die rugkant pryk.

Toe ek vroeër vanjaar my gunstelingfoto van haar en tannie Masha saam met my en my kollega, Cornie



Beckie Meyer op 15 Februarie tydens haar 95ste verjaardag in die kerksaal.

Pretorius, tydens 2016 se “Oupa en Ouma-erediens” aanstuur, antwoord sy met haar ondeunde glimlag: “So goed om julle tweetjies weer te sien – nog net so mooi soos altyd.”

Selfs oor die gemeente se uiltjies wat verskuif is uit die kerkterrein, doen sy navraag: “Die uiltjiesaga klink soos 'n vervolgerverhaal. Is hulle tuis in hulle nuwe tuiste?”

Einde van 'n era

Op 7 Julie, 'n week na ons “selfoonhuisbesoek” laat weet haar skoonseun Ferdinand Heymann dat sy die vorige aand 'n hartaanval gehad het en in Mosselbaai in die hospitaal is. Tien dae later keer sy terug na haar geliefde Blanco. Rondom haar bed waak mensengele – haar kinders en kleinkinders

in skofte, dag en nag. Blanco se “huisbesoek”-dokter, Casper Gous besoek haar elke oggend en aand. Gedigte word voorgelees, liedjies gesing. Keer op keer prewel sy die woorde: “Baie dankie.” Vyf dae voor haar dood sit ek langs haar bed en sing haar gunstelinglied – die Halleluja-weergawe van Psalm 23. Haar skoonseun neem 'n selfoonvideo daarvan en speel vir die volgende paar dae dit gereeld vir haar. Kort voor haar dood sê sy vir haar dogter: “Ek wil hê die Here moet my aan die slaap maak.”

Vanoggend, toe 47 van ons, gemasker en verspreid in die kerkgebou afskeid geneem het van haar, besef ek in die woorde van haar skoonseun Gerrit Pretorius: “Dit is inderdaad die einde van 'n era.” In sy huldeblyk verklaar hy: “Beckie en Blanco was bedoel vir mekaar – ek glo dit met my hele hart. Hulle DNS was 'n 100% match. Net so ook met blomme. Ek dink blomme het gewedywer om deur haar aangeraak te word.”

Dankie Here, dat ek ook aangeraak is deur een van u gunstelingdogters. Tot weersiens, Oumagrootjie!



Jaco Strydom gesels met Hennie Maas

Sterre, planeete en verwondering

JACO STRYDOM

As 'n mens Hennie Maas se naam hoor, dink jy aan “sterre en planeete”. Die naam van sy gewilde program op RSG. Hy verwys graag na homself as 'n nuuskierige agie.

Hennie vertel hoe hy in 1965 by die SAUK begin werk het. Hy onthou hoe wonderlik dit was om te sien hoe die stad daai tyd van die oggend ontwaak as hy vyfuur in die oggend met sy DKW Hobby-motorfiets in Commissionerstraat afry.

'n Mens sou Hennie Maas nogal kon beskryf met die woord: verwondering.

“Daai speelgroepies van kleintyd gaan steeds aan! Ons het dikwels sulke speelgroepies hier by my, mense kom speel hier by ons huis. Ons luister musiek en kyk video's en gesels daaroor,” vertel Hennie en ek dink aan Leonard Sweet wat gesê het 'n mens werk nie 'n viool nie, jy speel 'n viool, en so ook die lewe. Dit is iets wat ons by Hennie Maas op 78 kan leer.

Hy en Ingrid het destyds, toe hy in Nederland by 'n radiostasie gewerk het, sommer oor die pos verloof geraak. 'n Jaar later trou hulle by Ooskerk in Pretoria – vandag is hulle steeds lidmate daar.

Na hulle troue is hulle vir 'n paar jaar terug na Europa. Hennie het gewerk as 'n omroeper by Radio Nederland. Hy vertel hoe hulle onder andere vir 18 maande saam met Riaan Cruywagen en sy vrou in 'n klein huisie in Nederland gewoon het.

Dit was wonderlike tye, sê Hennie. Hulle het allerhande interessante mense ontmoet en elke afdag wat hulle kon kry deur Europa getoer met sy Peugeot 404 en 'n tent.

'n Mens kry die idee daar was nog nooit 'n vervelige oomblik by die Maasgesin nie.

“Ek sê altyd vir die mense, ons soek hanteerbare moeilikheid!” lag Hennie.

Ingrid het self 'n klomp interessante stories om te vertel; sy kan onder andere

vlot Mandaryns praat. Hulle en Ingrid se Taiwanees vriendin Lucy en haar Chinese man kuier gereeld saam. “Ons is groot pèlle,” sê Hennie.

Ons gesels oor die idee dat ons eintlik die meeste het om te leer, juis by mense wat anders as ons is.

Ek vra hom oor geloofsoomblikke in sy lewe, dinge en gebeure wat sy geloof uitgedaag het, sy geloof laat groei het of hom by nuwe geloofsontdekkings gebring het.

Vir Hennie gaan geloof eintlik in wese oor hoe jy leef. So, jy moet eintlik vra: Wie en wat het jou léwe beïnvloed? Vir Hennie is alles eintlik deel van ons geloofstorie.

Hy vertel van sy tyd in Europa, sy groot voorliefde vir kuns en musiek en die interessante mense wat hy deur die jare op sy lewenspad raakgeloop het – hoe hy tot die besef gekom het dat elke mens 'n fassinerende storie het om te ontdek.

“Ek is 'n nuuskierige agie, maar ek is

ook eintlik redelik behoudend. Maar ek het ook 'n oopheid om ander goed by te leer. Kyk, ons seun is gay en dit was vir ons 'n paadjie om te loop. Ons kon in ons selgroep met mense deel hoe ons dit beleef. En dit beteken toe vir hulle ook baie. Mense leef ongelukkig op grond van stereotipes, en wat nie 'n persoon soos hy nie.”

Hennie sê hy het vir sy seun gesê, jy is in die eerste plek 'n “Homo Sapien”, 'n mens, soos ons almal.

Een van die dinge wat die grootste indruk op Hennie Maas se lewe gemaak het is natuurlik die sterre en planeete.

“Ek dink my belangstelling het begin toe ek met 'n verkyker die eerste maal die Andromeda Galaxy sien, en ek besef ek kyk na lig wat 2,5 miljoen jaar weg is, en hier sien ek dit nou!”

Party ouens dink hulle is groot, maar eintlik is jy kleiner as 'n kwark, 'n hiperklein stofdeeltjie, sê hy.

Een van sy stokperdjies is mikrofotografie. Hennie is net so gefassineerd deur die mikrokosmos, die groot wêreld van klein goedjies, as deur sterrestelsels en planeete.

“Dit gaan oor wow en verwondering,” sê hy en ons gesels daaroor dat “wow”, soms die beste gebed is wat 'n mens kan bid.

Waar die misterie, die feit dat ons nie verstaan nie, vir sommige mense voel soos 'n struikelblok in hulle geloofsluwe, is die besef van die onverstaanbare grootheid van alles, eintlik opsigself, 'n baie diep manifestasie van geloof. Geloof gaan oor meer as net om te probeer verklaar, kategoriseer en verduidelik, dit gaan ook oor die ontdekking van dinge wat te groot is om te verstaan, oor verwondering en stil raak.

Vir Hennie gaan sy geloofsluwe aan die een kant oor ontdekking en verwondering, maar aan die ander kant oor die praktiese uitleef van Jesus se opdrag om om te gee vir jou medemens.

“Dit gaan daaroor om 'n blokkie van dit wat jy ontdek het by 'n ander mens by te sit,” sê Hennie.

Wat is daar wat hy nog graag sal wil doen?

Hy en Ingrid sal onder andere een-dag graag nog deur Suid-Afrika met hulle woonwa toer, en weer in Europa reis. Hy wil altyd iets nuut ontdek, sê Hennie, en daar help YouTube deesdae baie.

'n Mens kry die idee, maak nie saak waar Hennie Maas gaan wees nie, dit gaan interessant wees, en daar gaan nuwe ontdekkings wees.

“Wat 'n mens natuurlik baie laat dink, is ons almal raak oud,” sê hy teen die einde van ons gesprek. “Ek vra altyd vir mense, hoe gaan dit met jou geveg teen swartekrag? Dis nie 'n vraag van óf nie, dis wánnêre. Probeer vir mense iets beteken. Inspireer iemand.”

“Ek dink my belangstelling het begin toe ek met 'n verkyker die eerste maal die Andromeda Galaxy sien, en ek besef ek kyk na lig wat 2,5 miljoen jaar weg is, en hier sien ek dit nou!”



Vir hulle tiende verjaarsdag het MES Kemptonpark 'n paar onverwagse geskenke gekry: Die lesse wat 'n gesondheidskrisis jou leer wanneer jy 'n skuiling met beperkte ruimte en 'n dikwels rustelose, swerwende inwonersbevolking het.

Pre-Covid het haweloses 6 nm in geval en is hulle weer soggens 8 vm of vroeër vort, vertel Helena van Blerk, die takbestuurder. Maar met die hoogste vlakke van die grendeltyd, was 35 haweloses hier noodgedwonge so te sê agter slot en grendel. Die oudste is 72, jongste 24. Vyf inwoners is vroue.

Roetines moes drasties verander. Meer etes. Selfs high tea. Fliëks. Speletjies. Verbete hande was. Klere was. "Ons het hulle ook geleer dat elke ou sy beddegoed moet was," vertel Van Blerk. "Ek kan dit sien aan my water- en elektrisiteitrekening. Dit het sommer geskuif met so R7 000 per maand."

Inwoners se gedrag het heeltemal verander, vertel sy onlangs aan *Kerkbode*. "(Die skuiling het vir inwoners) begin voel soos huis; hy kan op die bed gaan lê in die dag ... Wat hy nooit kon gedoen het nie."

Van Blerk ervaar 'n paar goed. Dankbaarheid vir ruim skenkings wat die kombuis vol gehou het in hierdie voormalige NG pastorie wat al 'n dekade as sorghawe bestaan. Simpatie vir die komplekse redes wat mense oor MES se drumpel bring. En sy is onseker oor die voorland van die "klas van 2020" – hierdie groep mense wat deur die noodlot saamgegooi is. "Ek is op die stadium wat ek vir die Here sê, hoe, waarheen nou? Hulle is nou regtig huismense."

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk
E-pos: jeanne@tydskrifte.co.za
Tel (Kantoorure): 021 864 8252
Intekenare/gemeentenavrae:
Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

leroux@kerkbode.co.za
Tel 021 864 8247
Joernalis: Jacobie M Helena
Tel 072 828 9760
E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Tel 023 342 6030; sel 072 357 8914
E-pos: woess@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

SACC Statement on COVID Corruption

Issued by the office of the SACC General Secretary, Bishop Malusi Mpumlwana.

The South African Council of Churches (SACC) is extremely disgusted by the revelations of the shameless looting of funds, through alleged irregularities in Covid-19 procurement processes. It is shocking that tax payers' money which was dedicated for life saving measures related to tackling the Covid-19 pandemic that is crippling the whole country, was shamelessly taken advantage of by greedy individuals who like vultures and hyenas over dead bodies, saw the pandemic as an opportunity for a feeding frenzy, with no concern for the poor people. "They have sunk deep into corruption. God will remember their wickedness and punish them for their sins" (Hosea 9:9).

The reports of corruption include the awarding of personal protective equipment contracts to people who have links in government, as well as those who serve or have previously been employed in the civil service. Recently a list of companies with questionable Covid contracts at the Gauteng Province has been bandied around. These allegations have been really disappointing to us and for South Africans at large. They include a company associated with the husband of Mrs Khusela Diko, the spokesperson of President Cyril Ramaphosa, who has taken leave of absence in the wake of allegations against her husband. All these allegations must be expeditiously and thoroughly investigated and dealt with effectively.

The SACC is very much alert to the reality that the rapid response we need to employ in dealing with the crisis

we face, has made us vulnerable from those who are unscrupulous and are committed to exploit our resources through fraudulent means. In the rush of the moment, corruption does take place and others will be seeking to gain by the increase of prices, taking advantage of the desperate needs of our people.

South Africa's deep corruption scourge and the poor track record of holding people to account, do not inspire confidence that any further funds intended for mitigation of the dire socio-economic impact of Covid-19 will be used accordingly

The National Church Leaders of the SACC, at this Tuesday's weekly Covid-Watch meeting, made the following requests:

- President Cyril Ramaphosa and the government to do far more than condemn and promise action, but we need to see arrests and convictions of these criminals who have shown that they will not be deterred by a devastating global pandemic, or people going hungry and even dying.
- Our justice system to ready itself to arrest and prosecute those who believe this is the best time to steal and exploit the people.
- A civil society campaign that involves evidence collection and preservation must be undertaken as part of our collective response to the current crisis, as there may be waves of Covid corruption crimes across the country. In support of such a public campaign SACC will re-establish the Unburdening Process that we used against corruption in the past, and enable South Africans to report Covid corruption, and also for people to unburden themselves if they unavoidably got caught up in corruption facilitation in their jobs.

- The Minister of Justice to set up special courts to deal with serious Covid crimes in order to send a strong message on these matters for all time.
- The Government procurement systems to cut out the middle person procedures for Covid provisions as this can lead to inflation of prices, and allows for just anyone to enter the supply chain regardless of their lack of experience in a sector. The process of middle persons inadvertently opens the door for corrupt individuals.
- The naming and shaming of all those involved in this current corruption in all provinces, but also in other forms of fraudulent and corrupt acts.
- The SACC will follow up with Government and expects urgent attention to these revelations with no effort spared.

Those who engage in such calculated Covid theft, are behaving like opportunists that swoop to gobble up access to help, leaving the weak and sick, desperate for breath, and for protection from the deadly virus! These so called 'Covidpreneurs' have shown that the evil culture of greed and corruption triumphs over honesty, ethics and good governance in our government, and this needs to be uprooted. We make an appeal for those people who are involved, some of whom are our congregants, to refrain from these criminal acts of fraud and corruption, and be reminded that they are not stealing from government, but from the mouths of people of South Africa, and more especially the poor who continue to suffer at this time. "Whoever conceals their sins does not prosper, but the one who confesses and renounces them finds mercy" (Proverbs 28:13).



FAY VAN EEDEN

Die grendeltydperk het gesorg vir 'n verskeidenheid meme op sosiale media. Een van die gewilde meme wat tydens die grendeltydperk sy verskyning gemaak het, lees: "Indien jou man enige van hierdie doen is jy 'n geseënde vrou". Die meem wys dan foto's van vier jong manne wat onderskeidelik klere was, kosmaak, stofsuig en skottelgoed was. Ek het hierdie meem op 'n predikant se Facebookblad raakgeloop. Maak jy die kommentaar onder die meem oop, beaam verskeie vroue hoe waar hierdie meem is en hoe geseënd hulle is met mans wat help in die huis – veral tydens die grendeltydperk.

NUWE
stemme

'Ook meme vra

In die Nederlandse praktiese teoloog Gerben Heitink se boek *Biografie van de dominee* word die predikantsamp met al sy dienste gedekonstrueer en gereduseer tot 'n 'overbodige amp'. Daar is darem by Heitink 'n 'ás' te bespeur. Ás predikante, sê hy, daarin slaag om vaardige hermeneute te wees wat die teks van die Bybel op so 'n wyse interpreteer en aanwend dat dit vir mense in vandag se konteks help, dan het predikante 'n 'vital amp'. My vraag hierop sou wees: Moet ons as hermeneute onself slegs by die vernuftige lees van die Bybel hou? "Nee, vir seker nie!" sou Heitink sê. Daar word ook vertel dat Johan Heyns vir sy studente geleer het: "Jy moet elke

dag jou Bybel en jou koerant lees. Die Bybel om te weet wat om te sê en die koerant om te verstaan vir wie jy dit sê." Om 'n 'vital amp' in vandag se tyd te wees sou dan beteken dat predikante ook tekste soos die bogenoemde meem moet lees en interpreteer.

'n Vernuftige hermeneut sal begin deur te vra na die skrywer van hierdie teks en wat die persoon met die teks wou sê. Verder sal 'n mens vra vir wie die teks geskryf is en in hierdie geval wat die bedoeling was van die persoon wat dit op hulle Facebookblad gedeel het. En as ons aanvaar dat ons nie net tekste lees nie, maar dat tekste ons lees, sou ek as goeie hermeneut ook eerlik



Die geskenk van sorg

In Jodi Picoult se boek *My sister's keeper* (2004), wat later ook verfilm is, word die aangrypende verhaal vertel van Kate, 'n tienermeisie met kanker, wie se jonger sussie Anna oor jare heen aan haar bloed en organe skenk sodat sy kan bly oorleef. Anna doen in 'n hofgeding aansoek om vrygestel te word van hierdie rol en verpligtinge teenoor haar sussie, en in die moeilike dinamika wat binne hulle hegte familie volg, kom die vraag telkens na vore: "Am I my sister's keeper?"

Dit is natuurlik ook die bekende vraag wat in die verhaal van Kaïn en Abel, in Genesis 4, na vore kom. Wanneer die Here vir Kaïn vra waar sy broer Abel is, antwoord Kaïn met hierdie selfde woorde: "Am I my brother's keeper?" Is ek my broer se oppasser en wachter? Moet ek die heelyd na my broer kyk? Moet ek konstant waghou, en bekommerd wees, en besorgd; en moet ek sonder ophou vir my broer bly sorg? Is my broer se florerings my probleem?

Waarop die Here se antwoord in geen onsekere terme gegee word: Jy is. Dit is.

You are your brother's keeper. You are your sister's keeper.

Dit sou, in hierdie moeilike tyd – van vrees vir die Koronavirus, en die toekoms, en die ekonomiese impak van die grendeltyd – baie maklik wees om te vergeet dat ons aan mekaar toevertrou is. Ons sou met baie billike en heel verstaanbare redes en verskonings vorendag kon kom om weg te kom daarvan dat ons mekaar se 'keepers' is.

Selde getuig ons reaksies van ons begrip vir die diepte en hoogte en breedte van die angs en pyn en vrees wat agter ander mense se trauma sit. Dit is dikwels – té dikwels – waar dat ons gewoon net nie (wil?) hóór nie, en daarmee geheel en al afgestomp is vir ander se pyn, wanneer ons gekonfronteer word met byvoorbeeld #blacklivesmatter of #metoo. So dikwels wil ons eers sry of baklei oor die legitimiteit van die pyn van swart persone of vroue of mense wat identifiseer as LGBTQI+, en daarmee verder bydra tot die frustrasie van nie gehoor wees nie.

Ons wil eers redeneer oor of hulle trauma ons tyd en aandag werd is, of

hulle ervarings waar en korrek is, of hulle krete om lewe volgens ons geregverdig is – en dan is ons so ontsettend verras wanneer dit tot verdere woede en frustrasie lei.

Ons moet as 't ware eers óns pouslike toestemming gee, oor en oor en oor, voordat ánder mense aanspraak kan maak op ons begrip en sorg en genade en vriendskap. Dit is bejammerenswaardig dat ons eerste reaksie op ander se pyn, veral ander mense wat anders as ons is, so baie keer behels om onself te regverdig en hulle pyn te bevraagteken.

Is dit nie genoeg dat die stem van die bloed van vroue en kinders, van ons swart broers en susters, van ons LGBTQI+ vriende en familie, uitroep vanuit die aarde nie?

Net so min as wat Abel enige verduideliking hoef te bied – sy bloed spreek tog vanself in hierdie verhaal; sy pyn en sy trauma en sy dood is genoeg, dit benodig nie Kaïn se goedkeuring om 'n legitieme onreg of lewenskreet voor God te wees nie – net so veel mis ons so dikwels die punt wanneer ons van getraumatiseerde mense verwag om eers

hulle pyn aan ons verdraaglik en verterbaar te verpak alvorens ons dit met die nodige erns opneem.

You are your brother's keeper. You are your sister's keeper.

Die Amerikaanse Gereformeerde teoloog David Kelsey verwoord dit by wyse van die taal van florerings. Ons kan nie floreer indien ander mense, ons medemense, *the brothers and sisters that we keep*, nie óók floreer nie. Ons eie florerings is verweef met die florerings van ander, omdat ons gegee is aan mekaar, om mekaar op te pas en te versorg en vertrous en te 'keep'. Ons lot is 'n gemeenskaplike lot.

Dit is tog immers ook die troos vir mense van die verbond: God is ons 'keeper'. God onderhou Godsbeloftes, God hoor ons krete om lewe, God steur God aan ons angs en pyn en trauma – nie op 'n ver-af, halfpad simpatieke wyse nie; maar voluit betrokke, as een wat nie die pyn en marteling en dood van Gods eie Kind ontsien nie. Dit is die God wat Gods lewe aflê vir Gods vriende; wie se 'keeping' nooit ophou nie, selfs ook nie wanneer ons sterf nie; wat die lewenskrete en doodskrete hoor van verontregtes en getraumatiseerdes soos Hagar en Tamar en Abel en Job en ja, selfs Jesus aan die kruis.

Dit is die geskenk van Godsorg dat ons nie aan ons eie lot oorgelaat is nie, maar deel is van 'n gemeenskap waarbinne ons versorg word en mekaar ook versorg.

I am my brother's keeper. I am my sister's keeper.

► Dr Nadia Marais doseer *Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch*.

“**Ons eie florerings is verweef met die florerings van ander, omdat ons gegee is aan mekaar, om mekaar op te pas en te versorg en vertrous en te 'keep'.**”

fyn lees en interpretasie'

moet nadink oor my eie reaksie op hierdie teks en wat dit ook van my sê. Met dit alles in gedagte wonder ek watter konstruksie en diskoerse agter hierdie meem lê en wat dit vir ons as gelowiges en kerk te sê het.

Etlike vrae aan die teks kom dadelik by my op. Ek wonder of dit vir mans ongewoon is om huistake te doen. Help geen mans in ons konteks in die huis nie? En, indien wel, hoe lyk mans wat "help" in die huis – slegs jonk en aantreklik? Is huistake aan 'n bepaalde geslag gekoppel? Die meem bevestig die stereotipe dat take soos kosmaak en skoonmaak 'n vrou se werk is en dat mans nie sulke dinge doen nie. Wat natuurlik 'n

mens dan laat wonder watter take aan watter geslag gekoppel word. En hoe en deur wie dit bepaal is. Hierdie soort teks versterk die stereotiperings van rolle binne die huwelik. Vir die skrywer van die teks sou ek graag wou vra óf mans wat huistake doen regtig besig is om hulle lewensmaats te "help". Óf is huistake nie deel van almal wat in 'n huis woon se verantwoordelikheid nie?

Die meem gaan verder om te sê, sou jou man huistake verrig is jy as vrou geseënd. Ek sou wou vra wat hier met "geseënd" bedoel word. Wanneer is 'n mens werklik geseënd? Is geseënd-wees nie soveel meer as wat ons besit en die goeie wat met ons gebeur nie? En as jou

man nie in die huis help nie – is jy dan steeds 'n geseënd vrou? Ek wonder hoe die meem sal lyk wat lees *'Indien jou vrou enige van hierdie doen is jy 'n geseënd man'*? Ons leef in 'n hutsmerk-blessed samelewing wat dié ryk begrip so uitgehol het dat dit skaars herkenbaar is. Hutsmerk-blessed word aan byna alles toegeskryf. Hierdie teks wil die begrip van geseënd-wees nog verder reduceer tot huistake wat deur 'n bepaalde geslag gedoen word.

'n Goeie hermeneut eindig altyd met die wat-vraag: Wat beteken hierdie teks vir ons nou? Ek wil in hierdie geval eerder vra: Wat verkondig ons wanneer ons 'n teks, wat die stereotiperings van ge-

slagte en rolle binne die huwelik bevorder, op sosiale media deel? 'n Mens sou ook kon vra wat hierdie teks aan jong mans en vroue kommunikeer rondom rolle en take binne die huwelik. Versterk hierdie teks nie uitgedateerde verwagtings rondom vroue, en mans, nie? En speel hierdie tipe tekste 'n rol in die instandhouding van patriargale strukture in ons samelewing?

Miskien is die antwoord op my wat-vraag dat ons ons hermeneutiese hoede opsit en 'n paar vrae aan tekste vra voordat ons die *share*-knoppie druk.

► Ds Fay van Eeden is predikant van die NG gemeente Stellastraat, Suidos-Pretoria.



200

BAIE GELUK aan die
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika
 met 200 jaar van uitnemendheid.
SEËN OP JULLE GOEIE WERK.

70 Lux Verbi vier
70 JAAR
 daarvan saam met julle.



LUX VERBI



**Christelike Lektuurfonds
 wens die
 Bybelgenootskap geluk
 met 200 jaar se diens
 in God se koninkryk.**

CHRISTELIKE LEKTUURFONDS
 CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

**Radiokansel en
 Radio Kaapse Kansel
 wens
 Bybelgenootskap
 geluk met**

200
 uitmuntende
 jare!




www.radiokansel.co.za
www.kaapsekansel.co.za

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

'n Nuwe Reformasie?

Johan van Noordwes skryf:

As ek so luister na wat tans in die NG Kerk en die wêreld as geheel aan die gang is, kan ek nie help om te wonder waarheen dit alles gaan lei nie. Daar is al hoe meer magte en kragte wat die agenda van die meer linkse politiek dryf en, onder andere, aandrang op gelykheid en geregtigheid op alle vlakke. Met hierdie breë standpunt is dit moeilik om fout te vind, maar 'n meer in-diepte beskouing van die aard hiervan laat 'n mens met baie vrae.

In 'n kommentaar onderaan (op 'n gasrubriek in *Kerkbode* van 31 Julie getiteld "Ons godsbeelde moet veruim") skryf 'n leser dat ons geloof gegrond is op die Bybel, maar 'n sin verder lees 'n mens: "Eerder word tradisie en Paulus se briewe die norm, en beide tradisie en Paulus se briewe maak 'n fout."

Hierdie leserskommentaar laat my oor twee goed wonder: Eerstens, watter waarde word aan moderne opinies geheg teenoor die Skrif? En tweedens, wat moet ons maak met hierdie "tradisies"?

'n Prediker wie se naam my nou ontglip, het gesê dat as hy vind sy opinie verskil van die Bybel, begin hy met die aanname dat hy verkeerd is en werk van daar af. Jesus self het die inspirasie van die Skrif beaam en in 2 Timoteus 3:16 staan daar "die hele Skrif is deur God geïnspireer", maar 'n meer direkte vertaling sou eerder lees "deur God uitge-aseem". Kan ons as mense dan nou besluit watter gedeel-

tes van hierdie uitge-aseemde Woord ons wil gebruik en watter nie? Gaan God ag slaan op ons opinies en daardeur sy opinie verander?

In 1517 waag Martin Luther sy lewe deur die 95 punt-tesis aan 'n kerkdeur vas te spyker. Binne twee maande is dit oor die hele Europa versprei. Elke deelnemer aan die vroeë reformasie het sy/haar lewe in gevaar gestel deur die pous se gesag te bevraagteken. Wat ons hedendaags as "die kerk" beskou is gebou op die skouers en lyke van mense wat hulle lewe gewaag en gegee het om God se Woord te bewaar en versprei. Deur sulke neerhalende stellings te maak oor "tradisie" spreek van 'n gevoel van meerderwaardigheid en gebrek aan begrip vir die opoffering en toewyding van dié wat voor ons gekom het.

Die moderne beweging blyk vir my die nuwe "solus" dan as volg te hou:

1. Slegs die laaste 30 jaar tel.
2. Slegs as dit my laat goed voel.
3. Slegs as dit sosiaal aanvaarbaar is.
4. Slegs as dit die narratief van onderdrukker en onderdrukte bevorder.
5. God kan slegs liefhê.

Met hierdie skrywe wil ek glad nie die swaarkry en onreg van die verlede probeer ontken of afmaak nie. Ons moet net baie versigtig wees oor die gewig wat ons gee aan (ons eie) moderne opinies. Paulus waarsku daarteen in Romeine 1:22-23.

Groete in Christus

Dominee, ken jou regte!

Hein Bertram van Preeceville, Saskatchewan, Kanada, skryf:

Graag wil ek 'n paar dinge vir veral jong predikante – en tokkelokke – op die hart druk:

Ek het vanaf 2008 tot 2015 in drie NG gemeentes gedien.

My hartseer ervarings in twee van die drie was te wyte aan 'n gebrek aan kennis, van sowel die Kerkorde as die Arbeidswet.

Twee dinge wat veral belangrik is om te weet, is:

Eerstens: NIEMAND op jou kerkraad het die reg om jou uit te trap nie, en NIEMAND op jou kerkraad het die reg om jou te penaliseer nie. As jy 'n fout gemaak het, het jy 'n fout gemaak. As

jou kerkraad 'n probleem daarmee het, moet hulle 'n ringstugklag teen jou aanhangig maak.

Tweedens: As 'n kerkraadslid van jou misbruik maak, lê 'n tugklag by die ring teen hulle. As die ring weier om enigiets te doen (my ervaring), maak 'n klag aanhangig by die arbeidskommissaris.

Belangrikste van alles: Ken jou Bybel. Ken jou drie Formuliere van Enigheid. God verwag van jou om die Woord suiwer en onbevange te verkondig. As dit mense se tone laat bloei, is dit nou maar so. Soos Paulus in 2 Timoteus 4 skrywe: "Verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig."

Hartlike seënwense vanuit die "koue" (30 grade C!) Noorde!

Fokus op die Bybel

Verstaan, vertaal, vertrou?

Die derde amptelike vertaling van die Bybel in Afrikaans word vanjaar deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vrygestel en dié organisasie vier boonop hulle 200ste bestaansjaar. G'n wonder 2020 word as die "Jaar van die Bybel" gedoop nie. Maar het jy al ooit gewonder deur watter proses die teks is voordat dit by jou in jou moedertaal beland het? JACOBIE M HELENA doen verslag.

"Dit is belangrik om tussen kommersiële vertalings en vertalings wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gepubliseer is te onderskei."

Só waarsku prof Christo van der Merwe, professor in Hebreeus en direkteur van die Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika (CEBITA) aan die Universiteit Stellenbosch (US), Bybellesers.

"Die kommersiële vertalings is meesal nie gepla oor kwaliteitsbeheer nie en die proses van vertaling is van korte duur," meen Van der Merwe.

Prof Louis Jonker, professor in Ou Testament aan die US en voorsitter van CEBITA, beaam dit: "Daar is by kommersiële vertalings befondsing aan verbonde en bepaalde verwagtinge, dikwels teologiese vereistes, waaraan die vertaling moet voldoen. Ek is skepties oor vertalings waar die teologiese raamwerke die vertaling bepaal," sê Jonker.

Daarteenoor, gaan vertalings wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) gepubliseer word, deur 'n vertalingsproses van 15 tot 20 jaar. Die Bybelgenootskap se nuwe vertaling *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* (BDV) word volledig einde 2020 gepubliseer. Die Nuwe Testament en Psalms is reeds in 2014 gepubliseer. En daar is 'n reeks kundiges by dié proses betrokke.

Dr Elma Cornelius, dosent in Nuwe Testament aan die Noordwes-Universiteit, verduidelik: "By dié vertaling is daar verskillende kundiges betrokke: brontaalkenners van Hebreeus, Aramees en Grieks, eksegete, Afrikaanse vertalers, letterkundiges en taalkundiges."

Bybelvertaling as wetenskap

Cornelius sê Bybelvertaling is 'n wetenskap. "Bybelvertaling is 'n ingewikkelde en omvangryke proses wat beïnvloed word deur baie faktore en tred moet hou met baie ander wetenskappe. Om

mee te begin moet Bybellesers besef dat Bybelvertalers nie eens met die oorspronklike tekste van die Bybel werk nie. Die materiaal waarop die oorspronklike tekste geskryf is, het nie die tyd oorleef nie. Daarom moes hierdie tekste gedurig oor en oor gekopieer en vervang word. Dit was ook deels so omdat dit die manier was hoe die tekste versprei is. Die noodwendige gevolg was dat kopiëringfoute ingesluip het, en soms het kopieërs hulle eie koreksies aangebring. Al wat oorgebly het vir Bybelvertalers is kopieë van kopieë van kopieë. 'n Ander faktor is die feit dat die Bybel oorspronklik in Hebreeus en Aramees (die Ou Testament) en in Grieks (die Nuwe Testament) geskryf is. Taalwetenskappe ontwikkel voortdurend en daarom neem Bybelvertalers se kennis van hierdie grondtale ook toe. Dit maak voortdurende Bybelvertaling noodsaaklik.

Dan speel die tyd waarin die teks geskryf is boonop ook 'n rol.

"'n Volgende faktor is die antieke kulture waarin hierdie dokumente geskryf is. Bybelvertalers moet hulleself gedurig vergewis van nuwe kennis op hierdie terrein en dit mag ook vertalings beïnvloed. Hoe meer van die antieke kulture ontdek word, hoe meer moet daaraan aandag gegee word in vertalings. In Bybelvertaling is vertaalteorie en vertaalmetodes belangrik en wanneer hierdie teorie en metodes verbeter, moet Bybelvertalers daarby aanpas. Bybelvertaling is dus nie net 'n lukrake vertaling nie, maar 'n wetenskaplike proses," sê Cornelius.

Die proses

Die vertaling van 'n Bybel is 'n uiters omvangryke proses.

Prof Bernard Combrink, projekbestuurder van die BDV, verduidelik: "Die nuwe vertaling wat deur die Bybelgenootskap vertaal word, gaan deur 'n vertalingsproses van vyf fases. Die eer-

ste fase behels om kundiges vir elke Bybelboek te identifiseer. In elke span van kundiges is daar 'n eerste en tweede eksegete, een brontaalkenner en 'n intravertaler, wat moet seker maak die vertaling is in goeie Afrikaans. Ná die vertaling deur die hande van al die kundiges is, word dit terugverwys na die eerste eksegete om seker te maak die vertalings het nie wegbeweeg van die brontekste nie.

In fase twee gaan die vertaling na 'n ander Afrikaanse taalkundige asook 'n Afrikaanse letterkundige toe. Daarna gaan die vertaling weer terug na die eerste eksegete. Aan die einde van fase twee, gaan die vertaling na 'n redaksionele komitee, wat uit agt kundiges bestaan, om wéér die vertaling na te gaan. Die vertaling gaan in fase drie na die kerklike lesers toe. Die kommentaar van die kerklike lesers word deur die redaksionele komitee verwerk. In fase vier word daar konsekwentheidsbeheer van die vertaling gedoen. In fase vyf word die vertaling na 'n begeleidingskomitee verwys wat die vertaling finaal moet goedkeur vóór dit gepubliseer word."

Combrink verduidelik die begeleidingskomitee moet hulleself vergewis of die vertalers by die oorspronklike vertaalopdrag gebly het én of daar genoeg prosesse en kontroles in die proses betrokke was om getrou te bly aan die Bybelse brontekste.

Bybelvertaling en die kerke

Kerke van verskillende denominasies regoor Suid-Afrika gee aanvanklik die BSA opdrag om 'n vertaling aan die gang te sit.

Prof Combrink brei uit: "Bybelvertaling was nog altyd vir die kerk baie belangrik. Dit is ook die rede dat die kerke, wat verteenwoordig word by die Bybelgenootskap se Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans (KABA), die opdrag vir nog 'n Bybelvertaling in Afrikaans gegee het. Die behoefte is reeds in 1997 by die advieskomitee vir die BDV uitgespreek. Daar was onmiddellik na die 1983-vertaling 'n behoefte aan 'n soort vertaling wat nader aan die brontekste is en wat gelowiges vir Bybelstudie kan gebruik. Die kerke het iets nader aan die woord-woord 1933/53-vertaling in gedagte gehad, maar iets wat in meer verstaanbare en moderne idiomatiese Afrikaans is," sê Combrink.

Jonker sê 'n Bybelvertaling moet die antieke teks toeganklik vir mense in hulle moedertaal maak. Eksegese (wetenskap om die teks te ontleed) en hermeneutiek gaan verder maar wil ook 'n brug slaan na kontekste van resepsie. Die soort brug word geslaan met mense se persoonlike oortuigings van die Bybel. In die geloofsgemeenskappe waar-

aan gelowiges behoort, funksioneer die Bybel volgens 'n bepaalde manier en word hulle gekonfronteer met die Bybel. In daardie verskillende kontekste heers daar verskillende idees oor wat met inspirasie van die Bybel bedoel word. Die feit dat die Bybel as Woord van God beskou word rus nie op die skouers van vertalers en eksegete nie, maar rus op die skouers van die kerklike interpreteerders wat vir hulleself die vraag moet afvra of hulle verantwoordelik die Bybel in hulle eie tradisie interpreteer.

Wat beteken dit?

Eksegese: Die bestudering van die Bybelse teks vanuit verskillende hoeke en met verskillende metodes om die betekenis daarvan te bepaal. **Eksegete:** Diegene wat die Bybel bestudeer ten einde die betekenis van tekste te bepaal soos byvoorbeeld Bybelwetenskaplikes van die Ou en Nuwe Testament.

Bybelse hermeunetiek: Die beginsels en praktyk ten opsigte van die interpretasie en verstaan van tekste. **Brontekste:** Die oorspronklike teks van die Bybel in Hebreeus (en dele in Aramees) en Grieks.

Van der Merwe brei uit met 'n voorbeeld oor hoe só 'n verantwoordelike vertaling van die woord "vreemdeling" in die hedendaagse Afrikakonteks sou lyk: "In die 2020-vertaling word die woord 'vreemdeling' met 'n kol gemerk. Dit wys dat die woord met meer detail in die woordelysinskrywing van die nuwe vertaling omskryf word. In Genesis 20:6 word die vreemdeling as 'n persoon omskryf wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat en tydelik in 'n ander land gaan woon het. Vreemdelinge was, in die antieke konteks, geregtig op die beskerming van die plaaslike leiers. In Israel moes hulle saam met vaderlose kinders en weduwees (vgl Deut 27:19) beskerming geniet, omdat hulle niemand gehad het wat hulle in die stadspoort tydens hofsittings kon verteenwoordig om hulle regte te handhaaf nie. Die Israeliete moes ook na vreemdelinge omsien, omdat hulle self vreemdelinge was in Egipte (Lev 19:34; Deut 10:17-19). Dié verstaan van vreemdeling in die antieke Bybelse konteks probeer misverstande uit die weg ruim," verduidelik Van der Merwe.

• 'n Vorige weergawe van hierdie artikel het in *Kerkbode* se susterpublikasie, *LiG*-tydskrif, se Augustus 2018-uitgawe verskyn.

'G'n lukrake proses'

Dr Elma Cornelius verduidelik: "Ons weet dat Bybelvertaling nie maar net 'n lukrake proses is nie, maar werklik 'n gekontroleerde wetenskap waarby kundiges betrokke is. Ons kan as kerk vertrou en bid dat die Heilige Gees die kundiges betrokke by Bybelvertaling sal lei en seën sodat die Woord van God vir ons nageslag behoue sal bly."



200 jaar van Bybelwerk

1820



Die stigtingsvergadering van die South African Bible Society vind op 23 Augustus 1820 plaas in Government House (die huidige Tuynhuys), met Sir Rufane Donkin, die Waarnemende Goewerneur aan die Kaap, as voorsitter. Dit was die amptelike begin van Bybelgenootskapwerk in Suid-Afrika.

1833 - 1871

Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap is vir 'n geruime tyd slegs deur die hulpvereniging in Kaapstad verteenwoordig. Vanaf 1833 is verskeie hulpverenigings in die Oos-Kaap, Natal, Vrystaat en Transvaal gestig. Bybelgenootskapwerk was nou in die binneland van Suid-Afrika gevestig.

1857

Die eerste volledige Bybel in Setswana, verskyn. Die Setswana Bybel was die eerste volledige Bybel wat in 'n Suid-Afrikaanse taal en die derde wat in 'n Afrikaantal gepubliseer is.

1859

Die vroegste Bybelvertalings in isiXhosa was hoofsaaklik die werk van sendelinge soos William Shaw en William Boyce van die Wesleyaanse Sendinggenootskap. Die eerste volledige Bybel in isiXhosa is tussen 1857 en 1859 in dele by die sendingdrukkery op Mount Coke gedruk.

1941



Die volledige Braillebybel in Afrikaans verskyn, slegs die vierde Braillebybel in die wêreld.

1939

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was die Duitse passasiersboot, die Watussi, van Port Saïd in Egipte op pad na Kaapstad, met 1 000 Afrikaanse Bybels in olyfthoutband aan boord. Op 2 Desember 1939 is die skip ongeveer 100 seemyl suidoos van Kaappunt deur die Suid-Afrikaanse Lugmag wat verantwoordelik was vir die beskerming van die kuslyn, opgemerk. Om te verhoed dat die Watussi in die hande van die Geallieerdes val, het sy bemanning die skip self gesink. Die Bybelgenootskap was nie net die Bybels kwyt nie, maar het ook gevoelige geldelike verlies gely aangesien die vredestrydse versekering deur die oorlog waardeloos gemaak is.

1936

Die eerste volledige Tshivenda Bybel verskyn in 1936.

In die jaar hierdie e Sekretar en Buite Bybelgenootskap Sentraal Roome, uitgeklin Bybel in daar gep jaarvers 'n sende Bybel in

1948

Van 1 Januarie 1948 funksioneer Bybelgenootskapwerk in Suid-Afrika vir die eerste keer as 'n eenheid. Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (Unie van Suid-Afrika) met 'n hoofkantoor in Kaapstad en ds HPM Steyn as hoofsekretaris, kom tot stand.



Die land is in drie streke verdeel:

1. Die Suidwestelike agentskap met 'n Bybelhuis in Kaapstad.
2. Die Suidoostelike agentskap met 'n Bybelhuis in Durban.
3. Die Noordelike agentskap met 'n Bybelhuis in Johannesburg.

1951



In 1922 het die Bybelgenootskap 'n gebou aan die Groentemarkplein in Kaapstad aangekoop om as Bybelhuis te dien, maar die werk van die Genootskap het so uitgebrei dat meer akkommodasie noodsaaklik geword het. Daar is besluit om die Bybelhuis te sloop en vir die eerste keer 'n eie Bybelhuis in Kaapstad op te rig.

Op 2 Junie 1951 word 'n langgekoesterde ideaal verwesenlik toe die Bybelhuis amptelik ingewy is.



1996

Siswatisprekendes ontvang vir die eerste keer die Bybel in hulle taal.

1995

Die 175ste bestaansjaar van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word herdenk.



1994

Drie jaar later, op Hemelvaartdag 12 Mei 1994, word die gebeurde herhaal – Bibliathon '94! Weer eens het die Gewer van alle gawes voorsien en het die resultate alle verwagtinge oortref.

Op 2 September 2000 was dit weer Bibliathondag! Die vier uur lange telethon wat op SABC2 gebeeldsend is, was die hoogtepunt van die jaarlange Bibliathon 2000-projek.

1991

Op Hemelvaartdag 9 Mei 1991 vind iets plaas wat nog nooit voorheen in Suid-Afrika of in die res van die wêreld beleef is nie. Dit is Bibliathon '91-dag! Op dié dag het die BSA in samewerking met die SAUK 'n telethon op TV aangebied om R8 miljoen in te samel sodat 1 miljoen ekstra Bybels gedruk kon word.

Die BSA se stoutste verwagtinge word oortref. Deur Bibliathon '91 is R8 535 478 geïn om 'n miljoen ekstra Bybels in die hande van die mense van Suid-Afrika te plaas.



Die miljoenste ekse van die Good News Mangosuthu Buthe uitgawe, wat in 1977 verskyn het, is die eerste volledige Engelse Bybel wat op die vasteland van Afrika gedruk is.


2000

Die BSA is die gasheer vir die Wêreldvergadering van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe wat vir die eerste keer in Suid-Afrika plaasvind.



2006

Die BSA word sover ons kennis strek, die eerste Bybelgenootskap wat die volledige Bybel vir selfone beskikbaar stel.



2007

'n Besending van 36 000 isiXhosa Bybels bereik nooit hulle bestemming nie. Hierdie Bybels was in twee houters aan boord van die MSC Napoli, wat in stormweer aan die suidkus van Engeland gestrand het.



2008

'n Afrikaanse Bybel wat spesiaal vir Dowes vertaal is, Die Bybel vir Dowes, word bekendgestel. Vir die tweede keer in die 188 jaar wat die Bybelgenootskap in Suid-Afrika werksaam is, word daar meer as 'n miljoen Bybels in een jaar versprei.



2009

Die Bybelgenootskap word herroep vanaf 1 April 2009 funksioneer die Bybelgenootskap 'n maatskappij sonder winsdoel.

Bybel in Suid-Afrika

Hoogtepunte om voor dankbaar te wees

1881

Die eerste Sesotho Bybel word gepubliseer, maar weens die Basotho-oorlog kom die Bybels eers in 1883 in Lesotho aan.

1883

Op 28 April 1883 word die eerste volledige Bybel in isiZulu deur die Amerikaanse Bybelgenootskap in New York gepubliseer.



1892 - 1896

Bybelverspreiding is een van die hoekstene van die Bybelgenootskap. Deur die jare heen het Bybelkolporteurs met hulle "Bybelwaens" die land deurkruis om die Woord te versprei. So onderneem die broers Fred en Jack Turner in die jare 1892-1896 verskeie reise, na onder andere Johannesburg en Namakwaland om, in Fred se eie woorde die Bybel te neem "into the homes of farmers and different places where it was difficult for them to obtain a Bible for love or money!". Medewerkers, soos die Turner-broers, het 'n reuse bydrae gelewer om die Bybelgenootskap in staat te stel om die Bybel in die hande van diegene wat daarom vra, te plaas.

1902

Na die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 en die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog, kon daar begin word met die heropbou van die oorloggeteisterde gebiede. Die Bybelgenootskap het reeds in 1902 'n nuwe agentskap in die Transvaal gestig. 'n Depot is geopen en op Oukersdag kom 'n besending Bybels en Testamente met die Kaapse Spoorweë daar aan. Die Setswana Bybels is op die dag van hulle aankoms uitverkoop! In die eerste jaar van die nuwe agentskap se bestaan is 24 430 Bybels en Bybelgedeeltes in 13 tale versprei.

1935



Die twintig van die Bybel is op 19 Februarie 1988 deur dr. Alan Paton oorhandig. Hierdie Bybel is op 19 Februarie 1988 deur dr. Alan Paton oorhandig. Hierdie Bybel is op 19 Februarie 1988 deur dr. Alan Paton oorhandig.

Op 29 Mei 1933 seil die Carnarvon Castle Tafelbaai binne met die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan boord. Hierdie eerste volledige Afrikaanse Bybel is op Sondag 27 Augustus 1933 landswyd feestelik in gebruik geneem.



1933

1907

Xitsonga-sprekendes ontvang vir die eerste keer die Bybel in hulle taal. Die eerste Bybel is in twee volumes gedruk.

1904

Die eerste volledige Sepedi Bybel verskyn.

1957



Die eerste uitgawe van *Die Saaier*, die amptelike nuusbrieff van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, verskyn op 1 April 1957.

1961

Die Sesotho Bybel word deur die Sendingpers in Bloemfontein gedruk, die eerste volledige Bybelgenootskap Bybel wat in Suid-Afrika gedruk is.

1965

Op 1 November 1965 begin die Bybelgenootskap van Suid-Afrika as 'n outonome liggaam funksioneer, en word 145 jaar nadat die werk in Suid-Afrika begin het, 'n volwaardige Bybelgenootskap.

1968

Op 20 Maart 1968 oorhandig mev. Venter van die Blindewerkersorganisasie die braille-uitgawe van die Evangelie volgens Lukas in isiXhosa aan die Bybelgenootskap. Hierdie publikasie was (na Afrikaans) die eerste Bybelgedeelte in braille in 'n inheemse taal van Suid-Afrika.



1970



Op 23 Februarie 1970 word die Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Wet 15 van 1970) eenparig deur die parlement aangeneem.

Die BSA vier ook sy 150ste bestaansjaar in 1970. Die jaar het bekendgestaan as Biblia 70.

1988

Die eerste eksemplare van die Suid-Afrikaanse uitgawe van die Bybel is op 19 Februarie 1988 deur dr. Alan Paton oorhandig. Hierdie Bybel is op 19 Februarie 1988 deur dr. Alan Paton oorhandig.



Drie posseëls is in 1987 vrygestel om die aandag op die Bybel en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te vestig. Met die 16c-seël is 'n wêreldrekord opgestel deurdat die woorde Die Bybel 75 keer in verskillende Afrikatale daarop verskyn. Dit is die meeste tale wat nog ooit op 'n posseël gedruk is. Op die ander twee seëls was afdrucke van Rembrandt-skilderye, naamlik "Beltsasar se fees" en "Matteus en die Engel".



1984

'n Nuwe hoogtepunt in Bybelverspreiding word in hierdie jaar bereik. Vir die eerste keer in die bestaan van die Bybelgenootskap word daar meer as een miljoen volledige Bybels versprei. Dit is grootliks te danke aan die ongekende vraag na die nuwe vertaling van die Afrikaanse Bybel wat in 1983 gepubliseer is.



1977

Op 19 November 1977 berig *Die Burger* dat 'n Bybel, in leer gebind met goud-op-snee en volledige duimindeksering, die eerste keer in Suid-Afrika voorberei is. Nasionale Boekdrukkery het die gespesialiseerde opdrag, wat voorheen net oorsee gedoen is, uitgevoer. Dit was 'n Kwanyama Bybel.

2011

Agt van die Bybelgenootskap se Bybelvertalings word in e-formaat beskikbaar gestel.

2012

Op 24 November word die isiNdebele Bybel bekendgestel. Al 11 amptelike tale van ons land beskik nou oor 'n volledige Bybel.

2015

Die Hardloop vir Bybels-projek vier sy 25ste herdenking. Sedert die eerste atlete in 1991 vir Bybels begin hardloop het en tot met 2015 is meer as R9 miljoen vir Bybelwerk ingesamel.



2016

Die eerste klankopname van 'n volledige Engelse Bybel (Good News Translation) wat in Suid-Afrika opgeneem is, word bekendgestel.

2018

Die Bybelgenootskap se Bybelgebaseerde geleterheidsmateriaal (My eerste Bybel Doen en Leer Boek en My 2de Bybel Doen en Leer Boek) is in al 11 amptelike tale van Suid-Afrika beskikbaar.



2019

Die vertaling van 'n Bybel vir Doves in Engels, *The Bible for the Deaf*, word op 24 November 2019 bekendgestel.



VERSTAAN die Bybel

Batseba, patriargie en mag (1 Kon 2:13-25)

FANIE CRONJÉ

In die ou Nabye Ooste het troonwisseling in 'n koninkryk dikwels met 'n stryd onder potensieële opvolgers gepaard gegaan. In Israel was dit met die afsterwe van koning Dawid en die troonbestyging van een van sy jonger seuns, Salomo, nie anders gesteld nie. 1 Konings 1 – 3 vertel iets van Salomo se troonbestyging. Die vraag is, aan wie het Salomo sy koningskap te danke – aan die profeet Natan se toedoen, of dié van sy ma, Batseba?

In 'n boek met die titel *Subversive scribes and the Solomonic narrative: A re-reading of 1 Kings 1 – 11* (2006) onderskei Eric Seibert tussen “submissive scribes” en “subversive scribes”. Eersgenoemde het geskryf wat hulle gesê is om te skryf, laasgenoemde nie. Die meeste skrywers (scribes) het geskryf wat hulle gesê is om te skryf, want hulle is as skrywer-ambagsmanne vergoed vir hulle skryfwerk. Subversiewe skrywers moes baie subtiel te werk gaan, sodat hulle nie

deur die heersende magte ontmasker kan word en hulle werk (of hulle kop) verloor nie. Tog moes dit ook nie so subtiel wees dat niemand hulle bedekte boodskap raaksien nie. In dié lig wonder ek of ons nie moontlik in 1 Konings 1 – 3 met so 'n subversiewe teks te doen het nie.

Die Ou Testament is 'n patriargale teks, uit 'n patriargale tyd. Tog kan nie een man in dié gedeelte sonder die hulp van 'n vrou hulle wens by die koning laat tuiskom nie. Die profeet Natan het Batseba nodig om sy sin met koning Dawid te kry en Adonia het dieselfde Batseba nodig om sy sin met koning Salomo te kry.

In 1 Konings 2:13-25 is Batseba se optrede moeilik om te peil. Is sy 'n gewillige boodskapper vir Adonia, of is sy die een met die mag wat Adonia gebruik om haar eie posisie en toekoms te verseker? Direk vertaal lui 1 Konings 2:18: “En sy het gesê, Bātseba: Goed, ék, ek sal praat teen/oor jou met die koning”.

Twee dinge is opmerklik. Eerstens die herhaling van “ek” wat die fokus op Batseba as handelende een laat val en haar dus ook aandui as die een wat in beheer is. Sy is nie 'n gewillige boodskapper tussen twee mans nie, maar die een wat beheer het oor die versoek van Adonia aan Salomo.

In die tweede plek is die woorde wat gekies word om die Hebreeuse voorsetsel (‘āl) te vertaal, interessant. Die mees- te vertalings vertaal die Hebreeuse woord met “oor jou” of “on your behalf”. Dit is egter maar een moontlike vertaling van die betrokke voorsetsel. Dit kan ook vertaal word met “teen jou”. Die klem op “ek” en die vertaling “teen jou” gee dan aan die betrokke verhaal 'n gans ander kleur.

Indien ons dié ewe geldige vertaling volg, is Batseba nie meer die willose boodskapper nie, maar 'n vrou in beheer van haar eie toekoms. Vir haar as moeder van Salomo om te oorleef in die

nadraai van haar man, koning Dawid, se afsterwe, is dit belangrik dat sy haar mag gebruik om seker te maak haar seuntjie word koning.

Sy doen presies dit. Sy ken die geskiedenis. Sy weet dat Adonia homself nog tydens Dawid se leeftyd tot koning gesalf het. Sy het immers die gebeure aan Dawid oorvertel. Deur haar toedoen is haar seun Salomo toe deur Dawid tot koning verklaar. Nou moet sy seker maak dat Adonia nie haar seun se lewe na Dawid se dood bedreig nie. Sy weet waarskynlik dat Salomo nie gunstig op Adonia se versoek sal reageer nie, juis daarom maak sy doodseker dat sy self die versoek aan Salomo oordra (“teen” hom voor Salomo sal praat). Salomo reageer soos sy verwag het. Sy koningskap word bevestig en Batseba se toekoms is seker.

► *Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.*

TERUG NA DIE TOEKOMS Vroue van die NGK: Ons salueer julle!

JOHAN VAN DER MERWE

Die verhaal van die NG Kerk is ook die verhaal van vroue wat oor meer as 350 jaar 'n onmisbare rol in die kerk gespeel het. Dit is 'n verhaal van vroue wat deur pioniersomstandighede, oorloë en armoede gehelp het om die NG Kerk te maak wat dit vandag is.

Dertig jaar gelede het die rol van vroue in die kerk radikaal verander toe die Algemene Sinode van 1990 besluit en erken het dat “al die ampte van gelowiges – diaken, ouderling en predikant – gelyk” is. As vroue kon dien as diakens – dit is reeds in 1982 deur die Algemene Sinode goedgekeur – was hulle sekerlik ook geskik as ouderlinge en predikante. Na drie dekades lê die

spore wat vrouepredikante met durf en toewyding in die geskiedenis van die kerk getrap het op elke denkbare bedieningsterrein van die kerk. Maklik was dit en is dit nie altyd nie. Daarvan getuig 'n vrouekonferensie wat op 15-16 September 2000 deur die Algemene Sinodale Kommissie by die Andrew Murray-gemeente in Johannesburg gehou is. Vrouepredikante se frustrasie met die feit dat hulle nie beroep word nie en dikwels as goedkoop arbeid in gemeentes gebruik word, was een van die sentrale temas van die konferensie. Na die konferensie het die Algemene Sinodale Kommissie vroue om verskoning gevra vir die feit dat hulle oor jare uitgesluit en gemarginaliseer is.


Baie van die water wat sedertdien spreekwoordelik in die see geloop het, is ongelukkig vir baie vrouepredikante steeds troebel. Prof Christina Landman vat egter die rol wat vrouepredikante speel, raak saam wanneer sy skryf: “Ondanks heelwat struikelblokke wat nog oorkom moet word, bring vrouepredikante van die NG Kerk 'n nuwe stem en 'n unieke styl die kerk binne waarby die liggaam van Christus luisterryk en kleurryk baat.” In Vrouemaand salueer ons elke vrouepredikant vir julle deurstellingsvermoë, gehoorsaamheid en toewyding aan julle roeping.

Dit is egter nie net vrouepredikante wat 'n onmisbare rol in die geskiedenis

van die NG Kerk gespeel het nie. Van die begin af, as gewone lidmate, en later as ouderlinge en diakens, het vroue op grondvlak in gemeentes van die kerk leiding geneem. Baie kerkgeboue is gebou met “pannekoek-en-koeksistergeld” wat deur vroue ingesamel is. As voorsitters van kommissies en bedieninge, kategete, pastorale versorgers en musikante – om enkeles te noem – het vroue 'n bydrae gelewer tot die bediening in gemeentes. Julle spore lê diep en duidelik getrap op die pad van die NG Kerk. In Vrouemaand salueer die NG Kerk julle!

► *Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

Klein venstertjies op God





Die sorgende Tuinier

Die gejaagde lewe maak dat ons nie meer God se sorg in die natuur raaksien nie. Dít dompel ons in kommer en angste oor die mees basiese behoeftes in die lewe, soos kos en klere.

Daarom dat Jesus ons in Matteus 6:28 aanraai om weer 'n slag 'n draai in die veld te gaan loop en te kyk hoe pragtig die veldblomme is. Niemand versorg hulle nie. Niemand gooi hulle nat nie. Hulle is lewende tekens van God se sorg en voorsienigheid.

As God die veldblomme wat tydelik is so mooi versorg, hoeveel te meer sal Hy nie vir ons as sy kinders sorg wat die kroon van sy skepping is nie (Matt 6:30). Hy ken al ons behoeftes (Matt 6:32) en sal ons nooit in die steek laat nie.

– Kobus Smit Photography
www.ks-pictures.co.za



‘Genade wat die leser kan sien, proe, voel en ruik’

Die verlore seun vannie Gaatjie
deur Ivor Swartz
Uitgewer: Lux Verbi, 2020
Resensent: Anje Zeeman

As ek eerlik is, moet ek erken dat my en Ivor se lewensverhale wêreld van mekaar verskil. Dit laat my skuldig voel. Dit maak my ook dankbaar vir my eie verhaal, maar dalk die belangrikste – dit gee my nuwe perspektief. Ivor vertel sy verhaal aan die hand van Lukas 15 en Jesus se gelykenis oor die verlore seun. Hy verduidelik dat hy self al die verlore seun was, maar ook

al die ontevrede oudste broer.

Wat hy uitstekend regkry, is om my ’n paar treë in sy skoene te laat stap. Skoene wat vir my vreemd sit, waarvan ek voorheen bitter min geweet het. Dit is ’n voorreg om hierdie treë te stap. Dit is beslis nie ’n maklike reis nie. Daar is tye waar ek net wou ophou lees, want dié pad is te steil. My oë vol tranes kan nie verder lees nie, maar dan onthou ek Ivor se eie woorde – ek moet hom nie jammer kry nie, hou moed, byt vas met die storie. Hoop en Lig is op pad.

Ivor raak in hierdie boek ’n kommerwekkende werklikheid van ons samele-

wing aan, die afwesigheid van pa’s en die enorme invloed wat dit op ons jongmense het. Daarmee saam ook die siklus wat nodig is om gebreek te word. Hy vertel ook met groot waardering oor die rol van sy ma in sy verlore-pa-konteks en hoe dit daarom vir hom makliker is om God as ’n ma eerder as ’n pa te aanbid.

Hoop en Lig is beslis ook wat Ivor met hierdie diepe persoonlike verhaal met ons deel. Ek is verstom oor die hoeveelheid dankbaarheid wat hy met hom saamdra. Hy skryf oor die Here se genade op so ’n kosbare manier dat ’n mens dit kan sien, voel, proe en ruik.

Hierdie boek is ’n rou, eerlike verhaal, nie net van ’n man se tuiskoms nie, maar ook van ’n verlore seun se verstaan van die Vader.

Die verhaal van die verlore seun vannie Gaatjie is ’n aangrypende verhaal van die Vader wat nooit opgehou het om dié seun te soek nie. Dit is ’n verhaal wat jou ’n nuwe verstaan van ’n reeds kosbare gelykenis gee. Dit is ’n verhaal van tuiskoms en genesing. Dis die verhaal oor die krag van liefde en hoe ’n mens daarin jouself kan “vind”.

► *Ds Anje Zeeman is ’n predikant by die NG gemeente Driehoek in Vanderbijlpark.*

‘n Heenwysing na God se alternatiewe hoop

Truth and hope: Essays for a perilous age
deur Walter Brueggemann
Uitgewer: Westminster John Knox Press, 2020
Resensent: Deon Strydom

Waarheid en hoop. Twee woorde wat soms bymekaar hoort, maar soms ongemaklike maats is. So is dit ook met die Bybel en die wêreld, die Woord en die sekulêre, politieke wêreld waarin ons leef. Soos Louis Stulman in die voorwoord van hierdie boek sê: “In settings such as ours, theological dialogue is scandalous”. Hy gaan dan verder: “What is at stake, or more precisely who is at stake, is the divine and human Other, the Stranger, the Guest, the Poor”. Soos al uit hierdie paar woorde afgelei kan word, begeef Walter Brueggemann hom in hierdie boek volledig op die markplein, daar waar ’n profeet optree. “The prophet exposes the deceit of dominant culture.”

Uit die aard van die saak, aangesien hy ’n Amerikaner is, gebruik hy voorbeelde uit sy eie omgewing, praat hy die waarheid

oor wat hy raaksien en gebruik hy dit om God se alternatiewe hoop uit te wys. Tog is die boek, ten spyte van die Amerikaanse voorbeelde, ook baie toepaslik hier in Suid-Afrika. Die voorbeelde wys soms juis, skrikwekkend, hoe ons deel in die wêreldwye kultuur, hoe ons praat en dink soos mense aan die ander kant van die wêreld, en hoe ook ons die korrektyf van God se hoop nodig het.

Die meeste van die dertien hoofstukke is verwerkings van referate of ander aanbiedings wat Brueggemann oor ’n aantal jare aangebied het. Die toepaslikheid daarvan in 2020 wys op die toepaslikheid van die Woord ook in ’n tyd soos hierdie, wanneer dit eerlik gehoor word. Vanaf die boek Daniël, verby Eksoodus en die Abraham-verhaal tot deur die “Onse Vader”-gebed, regdeur laat Brueggemann die lig van die Woord hard en duidelik skyn op die situasie in die wêreld.

Die hoop vanuit hierdie waarheid is dat die wil van God sal seëvier, dat God se geregtigheid sal seëvier, want God is aan die werk.

► *Ds Deon Strydom is predikant van die NG Kerk Stutterheim.*

Só kies oud-kapelaan koers

In Christus: Van toeskouer tot spoortrapper
deur Callie Roos
Uitgewer: Jonathan Ball, 2020
Resensent: Paul Barnard

Callie Roos skryf in sy boek *In Christus*: “Die kern van my boodskap in hierdie boek is dat jy nie veronderstel is om te glo in ’n instelling nie, maar in ’n persoon – in Christus.” Roos vertel van sy reis deur die kerk as instelling, asook sy teleurstellings met die kerk. As oudkapelaan in die Suid-Afrikaanse Weermag en ook ’n oud-operateur van die spesiale magte, met ’n passie vir die natuur en mentorskap, skryf hy van sy soeke en ontdekking van wat dit beteken om “in Christus” te wees.

Ek vind aanklank by baie van die seer oor die kerk, van gebroke verhoudinge tot strukture wat dinge moeilik maak. Roos moes in sy lewens onderskei tussen om te glo in die instelling aan die een kant, of om te glo “in Christus” aan die ander kant. Dit klink asof hy sê dat diegene wat aktief deel is van die kerk, in die kerk glo en nie in Christus nie, of dalk minderwaardig in Christus is. Tog lees ’n mens ook die storie van ie-

mand wat lief is vir Jesus, in sy voetspore daagliks op ’n aktiewe manier volg en juis mense wil aanmoedig om alles te wees wat God hulle ge-roep het om te wees.

Roos is ’n doener. Hy gee telkens punte wat hom en ander kan help om doelgerig te leef. Wanneer ’n mens die boek lees, sien jy die avonturier, die Recce, die spoorsnyer en verstaan jy Roos gaan nooit gemaklik wees tussen die skare nie. Dinge is vir hom duidelik en dit is die enigste spoor wat hy volg. Eg eerlik en aangewese op homself gaan hy op sy gemak wees in die skepping.

Tog, nadat ek die boek neergesit het, was ek hartseer – hartseer dat hy uitmis op die genade en liefde wat te vinde is in dieselfde kerk waar die seer ook ’n werklikheid is. Ek sou graag om die vuur saam met hom wou sit en my ervaring wou deel dat – meer as ooit vantevore – ek bewus is van die genade van behoort aan ’n kerk, veral in tye soos nou, in die Covid-tyd. Meer as ooit vantevore het ek ’n smagting na mede-gelowiges wat saam met my “in Christus” is.

► *Dr Paul Barnard is ’n predikant by Helderberg Gemeente in Somerset-Wes.*

**Die volgende Kerkbode
verskyn op
28 Augustus 2020.**

**Besoek gerus kerkbode.co.za
vir nog resensies.**

Frits Gaum gesels met Piet Meiring

'Ek bid nog elke week vir kerkhereniging'

Prof Piet Meiring ontvang vanjaar die Jaap Durand-Denise Ackermann-toekenning vir eenheid, versoening en geregtigheid – 'n nuwe toekenning van die Andrew Murray-prysfonds wat aansluit by die groot temas van die Belydenis van Belhar. FRITS GAUM (FG) het hom uitgevra oor sy reaksie op die toekenning, die Waarheids-en-Versoeningskommissie en kerkvereniging.

PM: Ek kon my oë nie glo toe ek die brief met die wonderlike nuus oor die toekenning gekry het nie. My skoonseun het my dadelik aarde toe gebring met die bedagsame opmerking: "Kyk na die datum op die brief. Dis die 1ste April". Maar toe ek eers besef dat dit regtig so is, was daar 'n yslike knop in my keel. Ek het so 'n groot bewondering vir Jaap Durand en vir Denise Ackermann, en dat die toekenning wat in hulle naam gemaak is, na my toe kom, is iets heel spesiaals. My tweede reaksie was: Waarom ek? Soveel mense in ons land en in ons kerk het so hard gewerk vir versoening en geregtigheid, en baie van hulle kon eerder die toekenning ontvang het. Maar vir wat met my gebeur het, het ek net een groot DANKIE.

FG: Jy het, soos jou pa en oupa, die afgelope dekades 'n belangrike rol in die wel en wee van die NG Kerk gespeel. As jy so terugkyk: Waaroor is jy die dankbaarste?

PM: Seer seker dat die NG Kerk in 1994 met oortuiging afskeid van apartheid kon neem, duidelik kon stel dat die teologiese daarvan sonde en 'n kettery was. Die Sinode van Versoening (soos jy dit dikwels beskryf het) was 'n waterskeiding en 'n hoogtepunt! Om te dink dat die sinode ook so ver gegaan het om die profete in hulle eie midde wat al die jare teen apartheid gewaarsku het – oom Bey Naude, oom Ben Marais en al die ander – in ere te herstel, was iets wat 'n mens nooit sal vergeet nie.

FG: En die jammerste?

PM: Dat die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie so stadig ver-

loop. In 1994 en die jare daarna het dit gelyk asof ons amper daár was, dat die fatale breuk van 1857 geheel gaan word. Maar ons is nou nog nie daar nie. Net so 'n groot teleurstelling is dat die NG Kerk, in al sy sinodes en gemeentes, nog nie die Belydenis van Belhar met groot oortuiging aanvaar het nie.

FG: Jy was in 'n stadium, saam met jou professoraatskap by UP, die ekumeniese amptenaar van die Algemene Sinode. Dit was juis in die tyd toe die NG Kerk vanweë apartheid kerklik geïsoleer was. Tog het jy daarin geslaag om brúe na ander kerke te bou. Hoe het jy dit reggekry?

PM: Dit was 'n interessante tyd. Ek het deur die jare goeie verhoudings met predikante en dosente van ander kerke opgebou. Ons was dikwels saam by allerlei aksies betrokke, wat gemaak het dat toe ek in die ekumeniese kantoor beland het, baie deure vir my oop was. Wat my dikwels opgeval het was watter welwillendheid daar teenoor ons kerk was, ook in die moeilike jare toe die teenkating teen apartheid al feller geword het. Die ander kerke wou graag gehad het dat die NG Kerk sy standpunt moes verander en deel moes word van die ekumeniese familie in ons land – en ook in die buiteland. Een van die beste voorbeelde was aartsbiskop Tutu, wat apartheid genadeloos gekritiseer het – maar nooit moed opgegee het vir die NG Kerk nie. Dat die NG Kerk 'n paar jaar gelede 'n spesiale oorkonde aan hom oorhandig het, het vir die "Arch" baie beteken. Hy het vir my gesê: "Jy moet kom kyk. In my huis hang die Nobel Vredesprys se oorkonde langs dié van die NG Kerk".

FG: Jy was, deur die toedoen van emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu, die enigste predikant van die Afrikaanse gereformeerde kerke wat lid van die destydse Waarheids-en-Versoeningskommissie was. Jy het ook 'n boek oor jou belewenisse geskryf. In watter mate het dié kommissie na jou mening daarin geslaag om versoening in ons land te bevorder?

PM: As 'n mens ná 'n kwarteeu terugkyk, dink ek die WVK behoort so 'n 75% op sy rapport te kry. Ons land het beslis gebaat by die werk van die kommissie. In die vroeë jare van die nuwe Suid-Afrika het dit 'n klimaat van vergifnis en versoening geskep. Die baie openbare verhore het gehelp om die



Voor en na die waterskeiding-verkieping in 1994 het verteenwoordigers van die NG Kerk 'n hele paar keer met mnr Nelson Mandela vergader. Op die foto is hy by so 'n geleentheid saam met prof Piet Meiring (links) en dr Frits Gaum.

waarheid na vore te bring en om slagoffers te laat ervaar dat hulle nie vergeet word nie. Daar het ook daadwerklike versoening plaasgevind, soms op die mees verrassende tye en plekke. Een van die hoogtepunte was die geleentheid wat vir leiers van die verskillende geloofsgemeenskappe geskep is om te getuig, waar my en jou studiemaat Freek Swanepoel so 'n mooi rol gespeel het.

FG: Deesdae word soms baie krities na die werk van die WVK gekyk. Dink jy van die kritiek is geregverdig?

PM: Baie van die kritiek is geregverdig. Veral die feit dat geregtigheid en restituisie hoofsaaklik op individue gemik was en nie op slagoffergemeenskappe nie, was jammer. Verder ook dat die regering onder president Mbeki hulle voete gesleep het om vergoeding aan slagoffers uit te betaal. Die groot verwagting wat Tutu en sy kollegas gekoester het, dat die proses van versoening sou voortgaan, dat die kerke en al die ander groepe in die land die proses sou voortsit, het ook nie oral gerealiseer nie. Ons is nog steeds 'n stukkende land. Die reënboognasie se kleure het dof begin word.

FG: Die "Jaar van Hoop" van 2001 was ook jou breinkind. Waarom was so 'n "jaar" destyds nodig ... en is so iets nie juis nou nodiger as ooit nie?

PM: Aan die begin van die tweede mil-

lennium was daar baie vroeë en onsekerheid onder ons mense. Die euforie oor die nuwe Suid-Afrika was aan die taan en mense was bekommerd oor baie dinge: oor die politiek en die ekonomie, oor die toekoms van lidmate van die NG Kerk. In elke gemeente is gepraat en gebid oor ons hoop, oor die vaste wete dat ons veilig in God se hand is, dat Hy oor ons toekoms besluit – nie politici en ekonome of wie ookal nie. Of ons dit nou weer nodig het? Beslis! Nie net 'n jaar van hoop nie, maar 'n hele seisoen van hoop! Ek dink dat een van die goeie dinge wat in die corona-tyd gebeur het juis dit is dat ons opnuut leer om net op God alleen te vertrou. Ons lewe is in sy hand! Dit is die unieke gawe van die kerk aan die gemeenskap: om hoop te bring.

FG: Jy het jou op baie maniere beywer vir groter eenheid in die NG Kerkfamilie. Dink jy kerkvereniging gaan nog in ons leeftyd gebeur?

PM: Ek bid nog elke week gereeld daarvoor. Soos ek netnou gesê het, is dit 'n teleurstelling dat die NG Kerkfamilie nog nie een is nie. Die lakmoestoets van die NG Kerk regtig van apartheid en rassisme ontslae geraak het, het president Mandela in 1994 gesê, is of die NG Kerkfamilie gaan herenig. Ek hoop en bid dat dit nog in my en jou leeftyd sal gebeur. Intussen is ek die Here baie dankbaar vir wat op plaaslike vlak gebeur, dat sinodes en gemeentes wel besig is om op die pad te stap.

'Ek moes reis met my eie verhaal'

JACOBIE M HELENA

Sy het as tiener reeds haar skool-skoene vir hoëhakskoene verruil om vir bekende handelsname soos Givenchy, Prada, Calvin Klein en Dior modelwerk te doen. In Parys, New York, Londen en Milaan ...

Nou, op 25, gebruik Katryn Kruger, van Welgemoed in Kaapstad, haar lewensverhaal om ander vroue te bemagtig en te inspireer. Sy skram weg van die tradisionele motiveringspraatjie-model waar een persoon van 'n verhoog af hulle storie ten aanskoue van



Katryn Kruger

'n gehoor deel. Sy wil dit anders doen: "Dit is só belangrik vir my om die vloer altyd vir die vroue oop te maak dat ons saám kan praat. Ek wil vroue bemagtig deur vir hulle te laat besef, nes ek moes, dat hulle verhale wáárdig is en vertel moet word omdat God die groter prentjie sien," voeg Katryn by.

"Ek is op 15 gescout en het op 16 voltyds modelwerk begin doen. Ek moes skielik skool én die veilige ruimte van my ondersteuningsnetwerk en 'normale' lewe prysgee. Ek het vir 'n baie lang tyd met die Here geworstel en gestry. Ek het vir God gevra: 'Hoekom ek?' Dit is nie iets wat ek gaan soek het nie. Dit is nie iets waarvoor ek gedroom het nie. Skielik is ek totaal en al in die diepkant gegooi en moes ek op 16 'n grootmens word," vertel Kruger oor haar pad.

Deesdae gebruik sy haar sosiale media-platform om vir ander vroue die geleentheid te bied om hulle stories te vertel en die waardigheid van hulle eie stem te ontdek. "Ek het begin 2019 op Instagram aangekondig dat ek 10 vroue vir koffie by my huis wil nooi. Ek het my eie lewensverhaal gedeel en toe die vroue ook die geleentheid gegee om hulle stories te deel. Ná die oggend het ek emosioneel op die bank gesit. Skielik het my storie begin sin maak. Ek het meteens besef dat ek my eie storie moes leef om hierdie platform vir vroue te kan bied. By 'Koffie met Ka-



Die model Katryn Kruger is by haar gewilde vrouekuiers, "Koffie met Katryn", besig om haar lewensverhaal met haar gaste te deel. Kruger wil met dié platform ook haar gaste bemagtig en inspireer om die waardigheid van hulle eie stories te ontdek. Foto's: Jean Rossouw

tryn' het hier al 14-jarige en 77-jarige vroue as vreemdelinge ingestap en as vriendinne uitgestap!" vertel Kruger onlangs opgewonde aan *LiG* via 'n Zoom-onderhoud.

Sy moes met haar eie lewensverhaal

"journey" en vrede maak. "Deur 'Koffie met Katryn' het God vir my die waarde van my eie verhaal opnuut laat besef."

- Dié artikel het oorspronklik op *LiG*, *Kerkbode* se susterpublikasie, se webwerf verskyn.

Leiers: hedendaagse alchemiste?

JURIE VERMEULEN

In hierdie tweede artikel in ons kort leierskapreeks gaan ons saam besin oor die talmende vaagheid rondom die presiese aard van leierskap. Ralph Stogdill, skrywer van die gesaghebbende *Handbook of leadership*, meen daar is maklik soveel definisies van leierskap as wat daar skrywers is. Invalshoeke is daar in oorvloed: Sommige beskryf leierskap as die fokus van 'n groepproses, ander in terme van persoonlikheid, as 'n sosiale invloed, as 'n sekere gedragspatroon, as rasionele oordedingsvermoë, as 'n krag-verhouding of gesag, as 'n strategiese funksie om doelwitte te bereik, as 'n onvermydelike organisatoriese struktuur, of as kombinasie van alles.

Hierdie oorvloed aan leierskapdefinisies is te wyte aan die kompleksiteit daarvan. Leierskap is deel van 'n komplekse ekosisteem van sosiale kragte. Om dit te verstaan, moet ons leierskap se drie meta-komponente, naamlik (1) *leiers self*, (2) *hulle taak* en (3) *hulle spanne*, voorstel as die middelpunt van 'n konstellasielike van wentelende sosiale

kragte; soos die breër ekonomie, demografie, bedreigings, kultuur, politiek, kompetisie, geleenthede, tegnologie, vennote en vyande, hulpbronne, gesindhede, vaardighede, ens. Leiers funksioneer, byna soos die son, as sentrale betekenis- en doelwit-skeppende gravitasiekrag in die middel van hierdie wentelende konstellasielike.

Ek hou daarvan om te dink dat leierskap begin met 'n uitnodiging; ek vermoed God maak 'n deur oop, nooi dan die aspirantleier van sy keuse om nader te kom en oor die drummel te loer na die ongerealiseerde potensiaal wat wink. Ek kan nogal hoor hoe God dan sê: *Moenie vrees nie, stap deur, Ek gaan saam met jou.* Op die leier wat instem en deurstap, wag daar gewoonlik heelwat meer avontuur as wat aanvanklik vermag is! Effektiewe leiers het die byna alchemistiese vermoë om te doen wat ander nie kan nie. Hulle kan



'n ploeterende, gedemotiveerde groep mense of organisasie op die rand van ineenstorting, aan die kraag neem; vul met helder visie, innoverende idees, brandende passie en duidelike doelwitte. Losstaande individue word saamgesnoer in spanne, moedeloosheid word vervang met hoop en rigtingloosheid met die helder Suiderkruis.

Na etlike jare van nasionale en internasionale uitvoerende leierskap, navorsing oor die onderwerp, sowel as leierskapsontwikkeling in verskeie lande van die wêreld, meen ek dat leierskap voorlopig soos volg gedefinieer kan word. *Ware leiers máák dinge gebeur op effektiewe wyse, deur hulle hulpbronne, mense en konteks optimaal te sinkroniseer met hulle doelwitte.* En omdat ons hier praat van Christelike leierskap, sal ons eerder praat van ... *te sinkroniseer met God se doelwitte vir hulle.* Ek het deur die jare gesien dat leiers nie aangestel word nie, hulle kondig hulleself aan deur die

resultate wat hulle volg. Hulle is die probleem-oplossers van die wêreld en elke leierskapteorie wil eintlik ten diepste net een vraag beantwoord: *Wie sal vir ons hierdie probleem kan oplos? Daardie persoon sal ons leier wees.*

Effektiewe leiers breek deur struikelblokke, beëindig stagnasie, fasiliteer transformasie, inspireer mense met betekenis, genereer passie en laat die helder lig van hoop weer wit brand in hulle mense se hart. Effektiewe leiers is veral 'n kritiese vaardigheid in uitdagende tye – kom eintlik tot volle reg in sulke tye! Die positiewe eindresultaat van effektiewe leierskap, naamlik die bereiking van doelwitte, is uiteindelik maar net die byna onvermydelike byproduk van effektiewe leierskap; maar net die puntjie van die leierskapsyberg. In artikel drie begin ons kyk na ons Pauliniese model van leierskap.

► *Dr Jurie Vermeulen is Nasionale Direkteur van FEBA Radio SA, 'n internasionale Christelike media-organisasie wat die evangelie wêreldwyd in meer as vyftig minsbereikte lande verkondig. Besoek www.febaradio.co.za*

Opwindende kategeese produkte vir 1-9-jariges vir 2021

KINDERPRET-reeks met hopeleersame aktiwiteite en ure se pret



Kinderpret Speelleer-aktiwiteitsboek oor die Ou Testament

Kinderpret Speelleer-aktiwiteitsboek oor die Nuwe Testament

Albei ook in Engels beskikbaar

R90,00 elk

Elke boek bevat 50 selfdoen-aktiwiteite oor belangrike tekste in die Ou en Nuwe Testament van die Bybel. Saam in hierdie reeks is daar ook 'n inkleurboek, *Kleuterpret My Bybelmense-inkleurboek*, en Snap-kaarte om jong kinders aan 49 belangrike mense in die Bybel bekend te stel. Hierdie vier produkte kan as 'n pakket aangekoop word.

Kinderpret-pakket: R250,00
BESPAAR: R120,00

Geloofsontwikkeling vir 1-5-jariges



Kleuterpret Aanbiedersgids

Kleuterpret Werkboek

R100,00

R75,00

24 lesse vir voorskoolse kinders vir gebruik by kategeese, kleuterkerk en huiskerk. Die teks is só geskryf dat dit geskik sal wees vir kinders van 1-5 jaar oud. Met stories, liedjies en vasleggingsaktiwiteite. Die boek word saam met die *Akkerpret*-DVD's gebruik.

Die *Akkerpret in Bybelpark*-reeks bestaan uit 6 DVD's met 48 kleurvolle programme en 2 CD's met saamsingliedjies.

Die **DVD's** en **CD's** kan afsonderlik aangekoop word teen onderskeidelik **R100,00** en **R80,00 elk** of as 'n **pakket** teen **R300,00**.

KLEUTERKERK-reeks

Maak kleuterkerk of huiskerk vir 2-5-jariges maklik en boeiend met hierdie uitstekende reeks!




Kleuterkerk Doen-boeke en Aanbiedersgidse

Die aktiwiteitsboeke lê die inhoud van elke aanbieding by die kinders vas. Dit is die ideale hulpmiddel om vir jong kinders te leer Jesus is baie lief vir hulle.

Die *Aanbiedersgidse* bevat volledig uitgewerkte aanbiedings.

DOEN-BOEK 1: R70,00 **AANBIEDERSGIDS 1: R130,00**
DOEN-BOEK 2: R95,00 **AANBIEDERSGIDS 2: R130,00**
DOEN-BOEK 3: R95,00 **AANBIEDERSGIDS 3: R130,00**

Geloof-speelboek




Die *Geloof-speelboek* bevat 24 prettige en maklike aktiwiteite vir kinders. By elke aktiwiteit word 'n storie uit die Bybel vertel wat kinders se geloof in die Here sal versterk. Die aktiwiteit sluit telkens aan by die Bybelstorie.

R145,00

Geloofsontwikkeling 7-9-jariges

LP3-reeks



LP3 JAAR 1:
Die coolste plan
R75,00

LP3 JAAR 2:
Wys my die weg
R75,00

LP3 JAAR 3:
Ene ore!
Nuwe maniere
R75,00

LP3 JAAR 4:
Leef soos Jesus
R75,00

LP3 JAAR 5:
Wow, dis waar!
R85,00

LP3 JAAR 6:
So is Ek
R90,00

Die volledige reeks vir graad 1-3 is nou beskikbaar om jong kinders se geloof te vorm. Die LP3-reeks bestaan uit 6 interaktiewe volkleur-werkboeke. Die aanbiedersgids met volledig uitgewerkte ontmoetings is op 'n CD vir elke jaar beskikbaar.



CD met
aanbiedersgids

0-5 groepleiers in die gemeente:
R350,00

6 en meer groepleiers
in die gemeente: **R400,00**

KENNIS-KATEGESE

Help kinders van jongs af om God en die Bybel te leer ken



Graad 1-3 Doenboeke

Ek is deel van God se groot verhaal

In hierdie *Doenboeke* vir graad 1-3 word die kinders van jongs af aan God en die Bybel bekendgestel. Die inhoud lei hulle om 'n ontmoeting met God te hê, meer van die Bybel te leer en te dink oor hoe om dit elke dag prakties uit te leef.

R70,00 elk

Graad 1-3 Leiersgidse

Ek is deel van God se groot verhaal

Die drie leiersgidse vir graad 1-3 bevat volledig uitgewerkte byeenkomste om die kinders te lei om 'n ontmoeting met God te hê, meer van die Bybel te leer en te leef soos die Here van ons vra.

R90,00 elk

WEN – KOMPETISIE – WEN

Bestel julle kategeseprodukte voor 10 November 2020 en staan 'n kans om R500 afslag te kry op julle bestelling vir 2021.

Twee gelukkige gemeentes staan ook elk 'n kans om R500 afslag te kry op hulle bestellings.

Die gelukkige trekking sal op 11 November 2020 plaasvind en dan sal die wenners aangekondig word.

BM

Bybel-Media

Direkte bestellings:
bestel@bmedia.co.za

Deelproepe:
0860 26 33 42

E-aankope:
www.bybelmedia.org.za

NG KERK VICTORIA-WES**Vakature: Termynbepaalde leraarspos****Gemeenteprofiel:**

- Victoria-Wes is 'n plattelandse dorp, geleë in die Noord-Kaap, maar resorteer onder die Sinode van Wes-Kaap.
- Ekonomie: boerdery, besighede en toerismebedryf.
- Lidmate: 320 belydende en 60 dooplidmate, georganiseer in vyf plaas- en vyf dorpswyke.
- Samestelling: Goeie verspreiding van lidmate oor die hele ouderdomspektrum.
- Die gemeente wil graag kerk wees op voetspoor van Jesus!

Leraarsprofiel:**Die suksesvolle kandidaat –**

- Moet op die platteland kan aanpas en werk.
- Het bedieningsvaardighede oor die hele ouderdomspektrum.
- Moet 'n goeie spanwerker wees met leiereenskappe.
- Huis- en pastorale besoeke is 'n prioriteit.
- Het 'n aanvoeling vir vernuwende en Woordgetroue prediking.
- Is 'n bouer van liefdevolle omgee-verhoudings.
- Het 'n hart vir die ekumene.
- Is 'n energieke motiveerder.
- Vaardig met digitale media.

Vergoedingspakket:

- Onderhandelbaar volgens sinodale skaal tot 'n maksimum Kerf 8.
- Hierdie is 'n vaste termynbepaalde pos van drie jaar.
- Indien dit tot voordeel van die gemeente en leraar strek, en binne die vermoë van die gemeente is, kan die termyn verleng word.
- Ruim pastorie.

Aansoeke:

- Stuur CV met minstens drie referente aan die skriba.
- 'n Vraelys is op navraag by die skriba beskikbaar en moet saam met die CV ingestuur word.
- Kandidate wat die kortlys haal, moet tussen 10 en 14 September vir 'n onderhoud beskikbaar wees (indien enigszins moontlik, persoonlik).
- **Sluitingsdatum: 7 September 2020, 09:00.**

Navrae:

- André Theron, brugleraar: 076 903 8271, lali.theron@gmail.com
- Herman Hugo, voorsitter kerkraad: 079 669 3380, hugofin@absamail.co.za
- Alta vd Merwe, skriba: 082 624 7610, ngkerkvicwes@gmail.com

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n beroep uit te bring nie.

**Om te adverteer in Kerkbode, kontak Hanlie Raath:
Tel: 023 342 6030. Sel: 072 357 8914.
E-pos: woes@mweb.co.za**



Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuis en 'n familiegevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weekliks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontemporêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyds en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn** en **dr Herman Nienaber**
Facebook: **Kerk in die Stad.**
Webblad: www.perthunitingchurch.com.au
E-pos: hannesh@ucic.org.au en hermann@ucic.org.au

**AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**

**Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by
lida@tydskrifte.co.za**

NOORDELIKE SINODE**RINGSITTING**

Die 33ste gewone sitting van die Ring van Sesmylspruit vind op Maandag 31 Augustus 2020 om 18:00 plaas. Dit vind plaas in die vorm van 'n "ZOOM" gesprek. (Ds Daniël de Vos, Ringskriba, 04.08.2020).

WES-KAAP**EMERITAAT**

Ds Nadine Maletzki van die NG gem Alexanderbaai het haar akte van demissie ontvang op 29 Julie 2020. Dit is geldig vanaf 31 Julie 2020.

NG GEMEENTE VILLIERS – OVS**Vakature: DRIE JAAR VASTETERMYN****GEMEENTEPROFIEL**

- Die NG gemeente Villiers is 'n plattelandse gemeente in die Noordoos-Vrystaat.
- Die gemeente bestaan uit 200 lidmate, waarvan 40 dooplidmate is.
- Die gemeente werk goed saam met die NGKA in Qalabotjha.
- Die erediens vorm die hart van die gemeente se aktiwiteite.
- Die gemeentevisie is: *Bring bymekaar in sy koninkryk wat bymekaar hoort.*

LERAARSPROFIEL EN AMPSPLIGTE

Sien uitgebreide advertensie in KERKNUUS en VRYPOS.

VERGOEDINGSPAKKET

- Die vergoedingspakket is met kandidaat onderhandelbaar, met skaal 5 van die sinodale traktement as maksimum.
- Indien dit tot voordeel van beide partye strek, en binne die vermoë van die gemeente is, kan die termyn verleng word. Tentmakers kan ook aansoek doen.

AANSOEKE

- Per e-pos met minstens drie resente referente na: ngkvilliers@vodamail.co.za of org@dupdrie.com
- Vir meer inligting skakel Org du Plessis (082 784 0167), TJ Lessing (079 202 1251) en konsulent, ds JT Kemp (072 425 8537).
- Aansoeke sluit op **31 Augustus 2020.**
- Diensaanvaarding 1 Jan 2021, onderhewig aan die inperkingsmaatreëls.
- Kandidaat moet beskikbaar wees vir onderhoude en preekbeurt.

**NG GEMEENTE BETHAL-OOS**

AAN GOD DIE EER!

VAKATURE: LERAAR

Bethal-Oos stel met afwagting en opgewondenheid 'n vakature vir 'n voltijdse leraar bekend.

Bethal is 'n plattelandse dorp op die Hoëveld van Mpumalanga. Hier is goeie skole, twee tuiste vir bejaardes en die nodige lewensfasiliteite.

Bethal-Oos is 'n stabiele en diverse gemeente waar almal welkom is, en uitstekende samewerking en 'n positiewe gees heers. Hier is ook talle uitdagings en geleenthede. Die gemeente funksioneer by wyse van 'n bekwame kerkraad en verskeie diensgroepe.

**Ons leuse is: Aan God al die eer!
Dit is die hoofmotief van al ons bedrywighede.**

Gelegitimeerde persone wat in biddende afhanklikheid en ernstige bepeinsing oortuig voel om op hierdie kennisgewing te reageer, is welkom om 'n volledige CV aan te stuur. Daarbenewens sal ons graag wil verneem hoe jy oor die volgende aangeleenthede dink:

- Jou teologiese oriëntasie binne ons gereformeerde geloofstradisie. (Godsbegrip, kerkbegrip, hermeneutiese raamwerk, morele uitgangspunte, ens)
- Jou siening van 'n kontemporêre effektiewe gemeente en die rol wat jy daarin wil speel.
- Jou voorkeur bedieningsareas in prioriteitsvolgorde.
- Die belangrikste aangeleenthede waaraan die kerk tans aandag moet skenk.

Die sinodale riglyn sal in ag geneem word met die samestelling van die vergoedingspakket. Inwoning in die gerieflike pastorie langs die kerk maak daarvan deel uit.

Die gemeente wil graag aan 'n passievolle leraar met 'n sterk roepingsbesef die geleentheid bied om sy of haar evangeliebediening ten volle uit te leef tot eer van ons hemelse Vader en die heil van sy koninkryk en gemeente.

Navrae kan gerig word aan:

Lientjie Maré (Saakgelastigde) – 017 647 3202.
Koos Boshoff (Leierouderling) – 082 291 5408.

Die CV moet asseblief per e-pos na ngbetoos@telkomsa.net gestuur word, nie later nie as 14 September 2020.

Verdere reëlings sal met die respondente getref word.

AKKOMMODASIE

BLOEMFONTEIN

B@HOME

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenhede met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of
083 235 3000.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parkeerplek. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf: R250.
Skakel Hanlie, 084 400 2693.
hanlidevilliers@webmail.co.za

VAKANSIE-
AKKOMMODASIE

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoning aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parkeerplek. Vanaf R600pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**Die volgende Kerkbode
verskyn op 28 Augustus 2020.**

FICKSBURG
NEBO MOUNTAIN LODGE

in mooi Oos-Vrystaat.
Kom geniet die plaas se
rustigheid in ruim en suite-
chalets. Plaaskombuis
beskikbaar vir etes.
Riette 083 766 5552.

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuse, woonstelle en kothuse te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

REEBOK/TERGNIET
(MOSELBAAI)

2 slaapkamerwoningstel
(slaap 4) aan huis.
Volledig toegerus. Baie
netjies. Private tuin,
onderdakbraaigeriewe. Dwars
deur die jaar beskikbaar.
Geen troeteldiere. Skakel
083 651 4517.

UVONGO: Selfsorgwoningstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

WILDERNIS: ARENDSNES. Volledig toegeruste 2 slaapkamer, see-uitsig, selfsorgwoningstel met binnebraai, DSTV, slaap 4/5. Beaty 083 231 0315, 044 877 0471. beatyv@absamail.co.za

NG KERK DELAREYVILLE-OOS

Die kerkraad van NG Delareyville-Oos wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

Vakature: VOLTYDSE LERAARSPOS

Gemeenteprofiel: Plattelandse gemeente in die Noordwes-provinsie met 245 belydende en 73 dooplidmate. 'n Informele en vernuwendende styl met 'n sterk fokus op lofprysing en aanbidding in eredienste. Gemeentelede bestaan uit boere, besigheidsmense en dorpenaars (spektrum van jeug tot bejaardes). Die ouetehuis is 'n belangrike bedieningspunt. Kinderbediening is belangrik. Nabygeleë buurdorpe is Schweizer-Reneke 60 km, Vryburg 80 km, Klerksdorp 135 km, Lichtenburg 100 km en Sannieshof 40 km.

Leraarsprofiel:

- Passievol, met 'n lewende verhouding met God.
- Oortuig van die roeping deur die Heilige Gees.
- 'n Vernuwendende aanbiedingsbenadering.
- Passie vir bejaarde bediening.
- Fokus op jeug.
- Bereid om huisbesoek te doen.
- Fokus op verhoudingsbou.
- Sterk interpersoonlike verhouding.
- Samewerking met alle bediening is belangrik.
- Voertaal – Afrikaans.

Vergoeding en voordele:

- Vergoedingspakket en werksure ooreenkomstig bepalinge van die Kerkorde.
- 'n Vervoertoelaag is van toepassing vir amptelike werk.
- 'n Ruim pastorie langs die kerkgebou is tot die leraar se beskikking.

Aansoek:

- Stuur CV vergesel van dekbrief met motivering waarom jy jousef as leraar van die gemeente sien. Dui kontakbesonderhede van drie referente aan.
- Stuur aansoek per e-pos aan ngoos@lantic.net en lan.putter@gmail.com

Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Augustus 2020.


NAVRAE: Administratiewe beampte: J Pretorius by 083 362 9906; kantoorure 8:00-13:00, Maandag, Woensdag en Vrydag of Ian Putter by 082 948 2565.

Onderhoude sal gevoer word met kandidate op 'n kortlys. Indien u binne 14 dae na die sluitingsdatum niks van ons gehoor het nie, moet u aanvaar dat u nie die kortlys gehaal het nie. Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Luister nou na Radio Kaapse Kansel

729AM

Jou Christelike gesels-radlostasie
in die Wes-Kaap



Dit is AM nie FM nie. Luister enige tyd, enige plek, van die Kaap tot in Hong Kong via ons slimfoon toepassing.

Adverteer jou besigheid op radio
kontak vir, Kosie Burger
kosie@kaapsekansel.co.za

Vir meer inligting:
021 917 7000
www.kaapsekansel.co.za
info@kaapsekansel.co.za



